
# IDENTITEITSOORLOG

## Die Pad na Vryheid

Adrian Ebens



# Identiteitsoorlog

deur

Adrian Ebens

Vertaal na Afrikaans

deur

Elize Vorster

**Maranatha Media**

Kopiereg © 2018 Adrian Ebens

Opgedateer van vorige uitgawes

Duracell ® behoort aan Procter & Gamble Co. en is geregistreer in die Verenigde State van Amerika en ander lande.  Verwysings na Duracell ® in hierdie konteks word suiwer vir illustrasie doeleindes gebruik, en impliseer nie onderskrywing of affiliasie met die Duracell® merk, of sy moederliggaam, Procter & Gamble nie.

Indien anders aangedui is alle Bybelverse van die King James 1957 Uitgawe van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Naslaan Uitgawe 1933/53

**Maranatha Media**

www.Vadervanliefde.com

Adrian@identitywars.org

**Hierdie boek is opgedra aan**

My dierbare vader Abel, wie my
geleer het om sterk te staan
altyd eerlik te wees,
klaar te maak wat jy begin het en
om nooit onregverdigheid te verdra nie.

My dierbare moeder Evelyn,
wie my geleer het om aan te hou droom,
kreatief te wees,
die natuur lief te hê en
vrygewig te wees.

My dierbare suster Karen, wie
hierdie reis met my van kindertyd af gedeel het
en dikwels haar vinnige humorsin gebruik
het om my te laat lag.

# *Inhoudsopgawe*

**Deel 1. Die Twee Koninkryke – Verlore Identiteit**

1. Die Duracell Boom .................................................. 7
2. Die Fontein van Lewe............................................. 15
3. Na aan die Hart van God ........................................ 24
4. Die Familie Koninkryk............................................. 28
5. Familie Krisis.......................................................... 32
6. Hel op Aarde ......................................................... 38
7. Die Hemelse Reddingsboei ..................................... 47
8. Vergelyking van die Twee Koninkryke ..................... 54
9. Die Hart van Babilon .............................................. 59

**DEEL 2 : Een Bestemming – Identiteit Teruggeeïs**

10. Die breek van die Kettings van Duracell ............... 67
11. Oopmaak van die Hemelse Hekke ........................ 76

**Deel 3 – Die Reis terug na Seunskap**

12. Lewe aangedryf deur die Duracell ........................ 81
13. Die leer na die Hemel........................................... 86
14. Dieselfde Gode, Verskillende Name ..................... 92
15. Hoe Lees Jy? ...................................................... 100
16. Nie Langer ’n Dienaar.......................................... 105
17. Die Val van Babilon ............................................ 110

# *Deel 1. Die Twee Koninkryke – Verlore Identiteit*

## *1. Die Duracell Boom*

Die kamer was sag belig. Op een van die mure was daar ‘n paar plakkate, ‘n foto van ‘n musiekpopster en ‘n ander van ‘n sportman wat dikwels gedien het as ‘n venster na ‘n verwagte realiteit. Langs ‘n ander muur was daar ‘n tafel met ‘n paar skoolboeke op, maar die sentrale kenmerk van die tafel was die klein maar kragtige hoëtroustel. Dit was duidelik die kamer van ‘n tiener wat al die tekens getoon het van ambisie, onstuimigheid en, ja, drome.

‘n Enorme stryd het in my hart gewoed, ‘n stryd van bestemming, ‘n oomblik van waarheid. “Ek het nooit gedink ek is tot so iets in staat nie”, het ek gemompel terwyl ek na die vloer staar. Ek het hoe ek myself sien, ernstig bevraagteken. Die stryd was so erg dat ek vertroosting in die plakkate gesoek het, wat maar altyd in die verlede moes help om my gedagtes af te trek van die oes wat ek nou maai.

‘n Gevoel van desperaatheid het van my besit geneem. Om my versteurde gedagtes te stabiliseer, het ek myself begin evalueer in terme van akademie, atletiek, geartikuleerdheid, as sommige van die kentekens wat ek as vashouplek wou gebruik, maar nou nutteloos was om my te help. ‘n Mislike wolk het op my neergedaal en my ambisie verpletter. Hierdie wolk het die mees heilige plek van die hart ontbloot en die skat is gesteel, en eis die mees heilige vertrek – hoop. Ek het my moeder aangespreek op ‘n manier wat ek myself altyd voorgeneem het om nooit te doen nie. Dit was die laaste

strooi wat my laat besef het dat ek nie die persoon is wat ek wil wees nie. Ek het nie van myself gehou nie, en wou verander, maar het hopeloos gelyk.

* * *

Depressie. Depressie is die enkel grootste vloek wat ons gemeenskap vandag teister. Die Wêreldgesondheids-organisasie verklaar:

> Depressie is die hoofoorsaak van swak gesondheid en gebreksafwykings wêreldwyd. Meer as 300 miljoen mense lewe nou met depressie, 'n toename van meer as 18% tussen 2005 en 2015."[1]

Probeer om die enormiteit van die probleem vas te vang in die volgende statistieke van 2011:

- 1 miljoen selfmoorde elke jaar
- Een sterfte elke 40 sekondes of 3000 per dag
- Vir elke indiwidu wat sy/haar lewe neem, is daar ten minste 20 wat 'n poging daartoe aanwend. Dit is 60,000 per dag.
- Die selfmoordsyfer wêreldwyd het met 60% opgegaan oor die laaste vyf dekades – hoofsaaklik in industriële nasies.
- 60% van alle selfmoorde kom voor in Asia en Sjina. 40% van alle selfmoorde kom voor in Indië en Japan, volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie.[2]

[1] http://www.who.int/mental_health/management/depression/en

[2] https://www.medicalnewstoday.com/articles/234219.php

Wat op aarde gaan aan? Hoekom is die lewe so neerslagtig dat miljoene mense verkies om liewer dood te gaan as om nog ‘n dag te moet oorleef?

In sy boek, *The Mind Game*, gee Phillip Day hierdie onthullende uittreksel:

> "’n Familie wat omgee het in vroeër tye saamgekom om die familielid wat deur depressie gaan, te bemoedig en om probleme te probeer oplos …. Vandag, met die verbreking van die familie eenheid, die verkleinering van godsdiens, en die skeiding van baie families as gevolg van die veeleisende 21ste eeuse lewenstyl, het psigoanalise eenvoudig die taak van raadgewing oorgeneem wat gewoonlik uitgevoer was deur die familielede of die plaaslike predikant. Ek is daarvan oortuig dat hierdie ‘n vernietigende effek op ons samelewing het."[3]

Philip Day lys drie faktore: (1) Die verbreking van die familie-eenheid; (2) Die afbreking van godsdiens; (3) Die skeiding van baie families van mekaar as gevolg van die veeleisende pas van die 21ste eeuse leefstyl, maar die kritiese faktor is egter die verbreking van die familie-eenheid.

David Van Biema, wat oor hierdie onderwerp kommentaar lewer, sê die volgende:

> " ’n Unieke generasie het tot volwassenheid gekom, een waarin miljoene gekenmerk is deur ‘n diep en vroeë hartseer. Hulle is die kinders van egskeiding. Hulle is net die voorste gelid van ‘n skynbaar eindelose aaneengeslote menigte."[4]

[3]Phillip Day, Introduction – http://www.campaignfortruth.com/Eclub/100702/depressionandsuicide.htm

[4] David Van Biema, "Learning to Live with a Past that Failed", People, 29 May 1989, p 79

Jim Conway in sy boek *Adult Children of Legal and Emotional Divorce* gee ‘n lewendige beskrywing van die pyn en verlies van duisende as gevolg van ‘n (wettige of emosionele gebroke familie) gebroke familie – óf wettig, óf emosioneel. Een van die hoof-eienskappe wat hy beskryf, is dié van onsekerheid en die konstante vraag na “Wie is ek” en “Is ek werd om liefgehê te word.”[5]

Hierdie vrae lei tot die oorsprong van die mens se dilemma – ‘n gevoel van erkenning. Gee iemand werklik om vir my? Is ek enigiets werd? Hoe het hierdie vrae in die mens se psige ontstaan? Kom ons gaan terug na die begin om die vraag te antwoord.

Eva het skielik haarself bevind waar sy staar na die verbode boom. “Hoekom het God ons verbied om van die boom te eet?” het sy gewonder. Die vrug het so aanloklik gelyk, haar na vore gewink. Skielik het sy ‘n stem vanuit die boom gehoor.

Satan, wat sy geleentheid gesien het, het haar verlei deur die medium van ‘n slang; “Het God regtig gesê, ‘Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?”[6]

Satan is besig om Eva uit te lok deur middel van debatsvoering en om twyfel in haar gemoed te saai oor die letterlikheid van God se Woord. In die gebied van debat en logika, is Eva geen gelyke teen Satan nie. Voeg daarby die onbekende wapens van misleiding en duisternis, en die debat sal verwoestend kort wees sou Eva gewillig wees om betrokke te raak.

“Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê, “Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie

[5] Jim Conway, Adult Children of Legal or Emotional Divorce, (Monarch Publications, 1990) p. 53
[6] Genesis 3:1

aanraak nie, anders sal julle sterwe."[7] Eva het die uitdaging aanvaar deur die woorde wat God gespreek het, te herhaal, maar is nou diep in die moeilikheid. Haar eie nuuskierigheid, saam met die openingsuitdaging van Satan, het haar onvoorbereid gemaak vir sy verstommende woorde "Julle sal gewis nie sterwe nie."[8]

Was jy al ooit in gesprek met iemand in 'n "vriendelike" debatsvoering en gevoel dat jy redelik in beheer was van die situasie totdat jou opponent iets kwytraak van die "linkerkantse veld". Iets wat jy glad nie verwag het nie, iets wat 'n stok steek in die goed geoliede rat van jou brein en dit tot 'n halt roep? Nie dat enigiets wat hulle gesê het soseer diepsinnig of verlig is nie, maar jy het nie verwag dat dit van hulle sou kom nie. Die moontlikheid dat hulle so iets so onbeskroomd en blatant sou sê, het net nooit by jou opgekom nie.

Satan, wat agtergekom het dat hy sy prooi immobiliseer het met verwoestende presisie, het die finale doodslag gegee. "…. maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."[9]

Hierdie paar verse is soos om deur 'n klein dorpie te ry, jou oë te knip en verby te wees. Die konsep wat Satan aan Eva voorgestel het, bevat die saad van die vloek wat nou al die kinders van Adam teister – die stryd vir erkenning. 'n Konsep wat so bevrydend klink bevat die essensie van die kettings wat die menslike siel verslaaf in ellende en duisternis. Klink dit na oordrywing? Bly by my terwyl ons hierdie aspek, "Jy sal sekerlik nie sterwe nie", ontrafel en kyk na die vrugte en die rol wat die tergende vrae veroorsaak, "Gee enigiemand om?" en "Is ek werd om liefgehê te word?"

[7] Genesis 3:2,3
[8] Genesis 3:4
[9] Genesis 3:5

Ek onthou toe ek agt jaar oud was, het my suster ‘n pop gekry wat huil en lag en selfs melk drink. Dit het gebeur deur net ‘n paar batterye in haar rug te druk. Dit het my suster ure se plesier verskaf. Die gehuil van die pop het my siel so versondig, dat ek later die pop vir die hond as kos wou gee, maar het my later bedink want ek wou nie hê dat sy ontroosbaar moes begin huil nie. Hierdie baba het lewe gekry deur eenvoudig twee batterye in haar rug te plaas, en dit is presies wat Satan aan Eva wou tuisbring. “Eva, jy hoef nie bekommerd te wees oor wat enigiemand anders sê nie, jy het lewe in jouself. Jy kan doen net wat jy wil en geen kwaad sal oor jou kom nie, want jy het lewe in jouself. Jy sal sekerlik nie sterwe nie en solank jy net terugkom na hierdie boom om jou batterye te herlaai, sal dit goed gaan met jou.”

Verbeel jou ‘n 18 maande oue baba sê vir sy ouers, “Ek dink ek kan dit maak op my eie, ek het nou net met die tuindwergie agter in die tuin gepraat en hy het gesê dat ek lewe in myself het wat my aan die lewe sal hou en aan al my behoeftes sal voorsien, so baie dankie vir al julle hulp, miskien sal ons mekaar weer eendag raakloop.” Dit is presies wat met Adam en Eva gebeur het in die tuin. Die konsep van *jy sal sekerlik nie sterwe nie*, het hulle sin van afhanklikheid van hulle hemelse Vader afgesny. Dit het die fondasie van wie hulle as individue is, aangeval. Hulle identiteit was nou verward en gevolglik ook hulle waarde as kinders van God. Hoekom kon Adam en Eva nie net hulle fout erken en terugkeer na die posisie van totale afhanklikheid van hulle hemelse Vader nie. Ek wens dit was so eenvoudig, maar die gevolge om die konsep van *jy sal sekerlik nie sterwe nie*, aan te neem, omdat jy lewe in jouself het, al is dit net vir ‘n sekonde, het die onmiddellike effek dat jy verhoed word om ooit weer terug te keer na daardie oorspronklike salige toestand van gemeenskap met God. Meer hieroor later, maar kom ons keer eers weer terug na daardie noodlottige boom.

Let op Satan se voorstel dat as hulle van die vrug eet, hulle oë sou oopgaan tot ‘n hoër staat van bestaan. Die gevolgtrekking hier is nie net dat jy lewe in jouself het nie, maar dat die

materiële heelal uit magtige objekte bestaan wat ons meer mag sal gee as ons dit bekom. Welkom in die materiële wêreld.

In Genesis 3:4,5 is Satan besig met grootskaalse evangelisering om bekeerlinge te wen vir sy utopiese koninkryk. Hy het ‘n koninkryk aangebied wat mag en bevrediging aan almal belowe wat dit aanvaar. Hierdie koninkryk is gebaseer op twee hoofbeginsels:

1. Jy dra lewe in jouself en is totaal onafhanklik van enige eksterne weldoener of outoriteit.

2. Ons omgewing bevat mense, objekte en goed, wat, sou dit besit of mee geassosieer word, ons magtiger sou maak, meer verlig en ‘n voller/gelukkiger lewe sal gee.

Deur hierdie boom van lewe het Satan ‘n battery-aangedrewe bestaan voorgestel, ‘n lewe sonder die nodigheid van ‘n eksterne weldoener of outoriteit. Vandaar die titel van hierdie hoofstuk – *Die Duracell Boom.* Satan wil ons vertel dat die selle/batterye van ons liggame vir ewig sal bestaan as ons sy filosofie van die lewe volg.

Dit is belangrik om te onthou toe Adam en Eva die vrug van die boom geëet het, daar geen inherente gif was wat hulle bevrees, sondig en rebels gemaak het nie. Die Bybel sê vir ons die vrug was goed om van te eet.[10] Die gif was die woorde wat Satan gespreek het. Dit is die beginsels van sy koninkryk. Sommige mense vra die vraag, “Hoekom moet ek ly as Adam en Eva van die vrug geëet het?” Die waarheid is dat, elke keer as ek onafhanklik van God optree, ek van die boom eet op presies dieselfde manier as Adam en Eva, want ons het die gif van Satan geneem. In werklikheid eet ons elke dag van die boom en ly ons aan slegte spysvertering as gevolg daarvan.

[10] Genesis 3:6

Die idee dat ons afsonderlik van God kan leef, klink nie so vreemd vir baie mense nie, maar in die volgende hoofstuk sal ons leer dat hierdie tipe denke in werklikheid selfmoord is.

## 2. Die Fontein van Lewe

Dit was ‘n lang dag by die werk. Ons was in die finale stadium van die voorbereiding van ‘n begroting – eintlik negentig begrotings wat in een begroting moes amalgameer. Dit was ‘n delikate proses om al die beskikbare inkomste op te deel tussen die ambisieuse bestuurders, elkeen hoopvol en selfs veeleisend om ‘n groter sny van die koek te kry om hulle doelwitte te bereik. Ek het nodeloos probeer om al die syfers uit my kop te kry, toe my foon skielik lui. “Hallo…. Dis jou pa, seun”. Pa het geklink of hy die Empire State gebou op sy skouers dra. “Hoe gaan dit, Pa?” “Ma was in ‘n baie ernstige motorongeluk.” Die nuus het my soos ‘n vuishou getref. Ek het onmiddellik begin bewe en my hartklop het in ‘n oomblik letterlik verdubbel. My spiere het styf geword soos die adrenalien deur my gespoel het. “Ongeluk?” Ek het omtrent gefluister in die foon in ‘n poging om myself tot bedaring te bring. “Hoe ernstig?...” “Dit is baie ernstig, Seun.”

Op daardie oomblik het ek gewens ek kon deur die foon spring na my pa toe, maar ek was 12 ure se ry van hom af weg en ek moes wag tot die oggend vir ‘n vlug. Toe ek die foon neersit, het my kop gespin – skok, vrees en gevoelloosheid het terselfdertyd oor my gespoel. Toe onthou ek Jesus, en ek het net daar op my knieë gesak en uitgeroep “O Jesus, laat haar asseblief nie doodgaan nie.” Ek het my Bybel oopgemaak en gebid en gebid tot ‘n gevoel van kalmte en vrede oor my gekom het. My gedagtes het gegaan na die onbelangrike dinge van die lewe totdat dit weer teruggekeer het en my met vrees, hulpeloosheid en skok gevul het. Oor en oor het ek biddend op my knieë gegaan en aan Jesus vasgehou. Ma was op pad om ‘n musiekles te gee. Sy was op ‘n dubbellaan hoofweg met ‘n tien meter eiland tussen die twee paaie. Sy was besig om ‘n motor verby te gaan toe sy oor ‘n kruin gaan en dit is al wat sy onthou het. ‘n Motor wat in die teenoorgestelde

rigting gery het, het beheer verloor en direk in haar rigting beweeg en ‘n kop-aan-kop botsing veroorsaak. Die krag van die impak het Ma se motorenjin deur die brandmuur gedruk en terselfdertyd die stuurwiel reg in haar gesig gedruk. Om ‘n onbekende rede het die sitplek op daardie moment gebreek, en ek is so dankbaar daarvoor, anders sou sy onmiddellik gesterf het. Toe hulle haar by die hospitaal aanbring, het sy gebreekte arms en bene gehad en die hele linkerdeel van haar gesig was vergruis.

Terwyl hulle Ma ingedra het in die hospitaal, het ‘n dokter ingekom wat net klaar was met sy saalrondtes. Toe hy Ma sien, het hy onmiddellik begin werk. Hy het vir agt ure geveg om haar lewe, en sy was na baie intense oomblikke, uiteindelik stabiel. Daar was nie woorde om hierdie dokter te bedank nie. Tot vandag toe bring dit trane in my oë. Die man het vir sestien ure aaneen gewerk en het nog steeds die bedagsaamheid getoon om my pa drie-uur in die oggend te kontak om hom in te lig dat my ma krities was, maar stabiel. Ek is hom nog steeds oneindig dankbaar, ‘n treffende voorbeeld van bekwaamheid, deursettingsvermoë en welwillendheid van die mediese professie.

‘n Paar dae later was my vrou, Lorelle, en ek in die intensiewe eenheid by Ma. Ek was so dankbaar om haar lewend te sien. Die dokters was verstom oor haar vordering. Ons was ingelig dat sy nooit weer klavier sou speel nie en dalk ook nooit weer sou loop nie. Dit was ‘n groot skok, maar ek was dankbaar dat sy nog met ons was. Lorelle het na Ma se mediese inskrywings gekyk en my gevra om ook te kyk. Dit het duidelik gewys dat daar ‘n punt was wat hulle gedink het hulle haar sou verloor, maar skielik het al haar lewensvatbare tekens herstel en sy het stabiliseer. Daar was geen verduideliking hoe dit gebeur het nie, maar ek het geweet dit is my Vader, die oorsprong van lewe wat Sy Seun gestuur het om haar te onderhou. Ek is so dankbaar vir die lewegewende krag van Jesus. Ma loop vandag en somtyds wanneer sy die klavier speel, is ek diep dankbaar teenoor Jesus wat my moeder gered het van ‘n gewisse dood.

Wanneer dit kom by die verstaan van die oorsprong van lewe, is die Woord baie duidelik. Ons lees die volgende oor Jesus in Kolosense:

> "**Want in Hom is alle dinge geskape** wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – **alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand**. Kol 1:16,17

Alles wat ons sien en waarneem, asook die onsigbare, was geskep en word onderhou deur Jesus Christus.[11] Kyk noukeurig na die bewoording van die laaste sin. En *in Hom* hou alle dinge stand. Die teks vertel ons baie duidelik dat die lewenskrag wat voortkom van die Seun van God die heelal saambind.

> Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. Hand. 17:24-28

[11] ..Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee." 1 Kronieke 29:14

Hier sien ons 'n God wat persoonlik betrokke is by ons lewens. Paulus begin by die groter prentjie en fokus dan op die persoonlike en intieme vlak:

1. Hy het die tye en bestemming van elke nasie bepaal;

2. Hy is naby elkeen van ons;

3. …. en laastens gaan Paulus reguit na die hart van die saak en sê dat ons *in Hom* lewe en beweeg en bestaan.

As ons *in Hom* lewe, dan vertel eenvoudige logika vir ons dat ons nie sonder Hom kan lewe nie. God se verteenwoordiger, Jesus, die eniggebore Seun van God, sê "…. jy kan niks doen sonder My nie."[12] Verstaan dit dan ook asseblief so dat dit bedoel dat ons niks - fisies, verstandelik of geestelik sonder Hom kan doen nie. Ons is absoluut afhanklik van God en Sy Seun vir alles, net soos 'n baba'tjie afhanklik is van sy ouers.

Laat my hierdie punt illustreer, want die implikasies is verreikend. Oorweeg die verstommende orgaan van die hart. Dit werk soos 'n pomp om bloed sonder tussenpose in ons liggaam te sirkuleer vir dekades. Wat verstommend is van die hart, is dat die polsing van die hart nie voorkom of dit bygestaan word deur enigiets buiten homself nie. Die hartspier kan inkrimp en ontspan sonder enige direkte stimulus van die senuweestelsel. Dit het, wat ons noem, 'n inwendige regulerende stelsel. 'n Anatomie handboek stel dit so, "Die geleidingsisteem is saamgestel uit gespesialiseerde spierweefsel wat die elektriese impulses genereer en versprei, wat die hart spiervesel stimuleer om in te krimp….[13]

[12] Johannes 15:5
[13] Gerard Tortora and Nicolas Anagnostakos,, *Principles of Anatomy and Physiology,* (Harper and Row Publishers, New York, 1984) p 463

Hierdie spierweefsel is beslis gespesialiseerd want hulle genereer elektriese impulse wat nie van die senuweestelsel kom nie. Dit is verstommend dat nêrens in die Anatomie handboek die vraag aangespreek word van hoe die spierweefsel hierdie elektriese krag verwek om die hart te laat inkrimp nie. Dit word gespesialiseerd en intrinsiek genoem, maar hoe gebeur dit en waar kom die energie vandaan?

Dit is hier waar die pad verdeel. Die Woord vertel ons dat hierdie energie direk van God kom. "In Hom lewe ons". Hand 17:28. Maar Satan vertel ons dit kom uit onsself; dit is eenvoudig deel van die biologiese proses wat ons in onsself besit, "Jy sal sekerlik nie sterwe nie". Gen 3:4. Dit is so 'n fundamentele saak. Dit is óf die een óf die ander. Daar is baie christene wat die middeweg probeer vat en sê: "Ja, God het alles gemaak, maar dit is soos 'n klok wat opgewen is. Hy het dit losgelaat en laat dit self loop". Asof God dan op 'n manier die Duracell batterye gemaak het en in ons geplaas het. Die Woord leer ons nie hierdie begrip nie. Ons is intiem met Hom verbind en is totaal afhanklik van Hom elke milli-sekonde van elke sekonde van elke minuut van elke uur van elke dag. God is wetend, aktief, liefdevol besig om ons te voorsien van die elektriese impulse wat ons hartklop aan die gang hou. Daar is iets rondom hierdie realiteit wat ons as mens baie ongemaklik laat voel, maar dit sal later aangespreek word. Die doel hier is dat ons nou duidelikheid oor hierdie saak moet kry. Óf ons glo dat "ons in Hom leef en beweeg", óf ons glo dat ons "sekerlik nie sal sterwe" nie. Daar is geen middeweg hier nie.

Hoe uitdagend hierdie ookal vir sommiges van ons mag wees, het ons nog net te doene gehad met die fisiese aspekte van die menslike bestaan. Ons moet nou die verstandelike en geestelike aspekte bespreek.

Oorweeg die volgende tekse:

> "…dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom

> van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God die Vader en van Christus, **in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.**" Kolosense 2:2,3
>
> "Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: Kyk, Ek het Bealeél, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep; en **Ek het hom vervul met die Gees van God**, met **wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk**, om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer in goud en silwer en koper, en deur snywerk in stene wat ingelê moet word, en deur houtsnywerk; om werksaam te wees in allerhande werk." Eksodus 31:1-5

Die Woord openbaar God as die bron van alle wysheid en kennis. Kol.2:2,3 daag die konsep uit dat ons as mens die oorsprong het van wysheid en kennis. Alle wysheid en alle kennis kom van God, deur Christus Sy Seun. 'n Voorbeeld hiervan is te sien in Eks.31:1-5. Hier sien ons God iemand die wysheid en bekwaamheid gee in vakmanskap. Dit is interessant dat ons dikwels verwys na mense wat groot bevoegdheid en talent het, as "begaafd". Hulle is inderdaad – begaafdheid gegee deur God.

Kom ons verplaas onsself in die middel van 'n opvoering. 'n Gehoor luister gefassineerd terwyl 'n talentvolle jong pianiste haar vingers laat gly oor die note van 'n indrukwekkende vleuelklavier wat op die verhoog staan. Sy laat die klavier letterlik sing – die aanslag van 'n meesterhand. Sy bou na die klimaks en ons merk dat sy gaan afeindig. Ons wil hê dat sy moet aanhou – maar die lied hou op en die gehoor gee 'n dawerende applous, gevul met ontsag oor soveel elegansie gekombineerd met passie en krag. Die jong dame buig en asem die aroma van lof in en loop van die verhoog af.

Kom ons rugsteun vir 'n oomblik wat hier gesê is, want daar gebeur iets interessants in hierdie algemene scenario. Elke

keer wanneer iets soos hierdie gebeur, behoort die gehoor te sê, “Loof God van wie die seën kom”, of iets soortgelyks. Die applous behoort aan God gerig te word wie die bekwaamheid, wysheid en bevoegdheid gegee het. Die pianiste se hart moet oorvloei van dankbaarheid teenoor haar Skepper wat haar die talent gegee het, maar dit is baie min die geval. As dit ons eerlike reaksie is, sal ons nie opgeblase raak deur sukses of mismoedig deur mislukking nie, want die bevoegdheid ontstaan nie by ons nie, en as dit nie by ons ontstaan nie, kan ons nie krediet neem wanneer ons sukses behaal, of mismoedig raak as ons faal nie.

Hier lê die vloek van die Duracell boom. Verbeel jou die vryheid van ‘n gemotoriseerde skermsweef in die ope lug.[14] Die gevoel van vryheid wat ons ervaar as ons suksesvol is in die geloof dat ons dit self gedoen het, vergelyk met die lewenslustigheid om duisende voet bokant die aarde te klim en die wonderlike uitsig van bo te aanskou. Maar as ons te hoog gaan, sal die tekort aan suurstof veroorsaak dat ons ons bewussyn verloor of aan enjin weiering ly en ons sal na benede stort. Hoe verder ons klim in die leuen van krag in onsself, hoe hoër die snelheid van impak wanneer ons neerstort na die aarde. Daar is geen ontsnapping van die vloek van die Duracell boom nie. As jy eers die vrugte geproe het, is die begeerte om te klim onweerstaanbaar, en die uiteindelike gevolg onvermydelik. Dit is geen toeval dat “depressie wêreldwyd een van die hoofoorsake van ongeskiktheid is.”[15]

Die vrug van die Duracell boom skep die begeerte om na hoogtes te klim wat nie gepas vir ons is nie. Hoe meer van die vrug ons eet, hoe groter die begeerte om te klim en groter die sekerheid van ons val. Hoeveel keer het jy al geval?

[14] Powered paragliding

[15] http://www.who.int/mental_health/management/depression/en/

Hoeveel kan jy nog verduur? Dit is die moeite werd om daaraan te dink.

Kom ons gaan na die volgende vlak. Ons het gekyk na die fisiese en verstandelike afhanklikheid, maar wat van geestelike en morele afhanklikheid. Hierdie is ‘n uitdagende saak, so maak vas jou sitplekgordel, dit kan ‘n ruwe rit raak.

Die Woord sê vir ons “God is liefde” 1 Johannes 4:8. Dit vertel ons dat God die oorsprong van liefde is. Dit verwys ook na God as die God van hoop. Romeine 15:13. Hierdie idee word verder uitgebrei in Galasiers:

> “Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie.” Galasiërs 5:22,23

Die implikasie van hierdie teks is verstommend. Kom ons neem tyd om dit te analiseer. Al hierdie eienskappe volg omdat ons die Gees van God besit. Dit beteken eenvoudig dat sonder die Gees van God jy nie liefde, blydskap, vrede, geduld, goedheid ensovoorts, kan besit nie. Ek het aan hierdie Bybelse waarheid gedink toe ek in die park gaan stap het naby die meer. Dit was kalm en vreedsaam. Ek het ‘n moeder gesien wat haar dogter op ‘n swaai help stoot het. Hulle het beide gelag en duidelik mekaar se geselskap geniet. Die liefde wat hierdie moeder met haar dogter geniet het, was geïnspireer deur God. Die gedagte om liefdevol en minsaam teenoor haar dogter te wees, het nie ontstaan in die hart van die moeder nie, maar in die hart van God en was in die hart van daardie moeder geplaas wat die keuse gemaak het om daardie liefde op haar kind uit te stort. Dit is hoe moederliefde in werklikheid ontstaan het. ‘n Reaksie op God se liefde in ons. Hierdie liefde het ‘n deel van die moeder geword, want sy het reageer op die Gees van God. In die suiwerste sin van die woord bestaan daar nie iets soos die liefde van ‘n moeder vir haar kinders of liefde tussen man en vrou nie. Klink dit radikaal? Wel, dit is wat die Bybel leer.

Ek het hierdie idee vele kere aangebied in preke of seminare en dit is interessant om te sien hoe die gehoor reageer. Party mense se gesigte lyk of ek die einste fondasie van die mensdom aangeval het. Van al die miljoene liefdesliedjies wat ooit gesing was en die biljoene beloftes voor die huweliksaltaar van "Ek is lief vir jou en sal jou vir altyd liefhê", kan nie een van daardie beloftes gehou word, sonder dat God Sy liefde uitstort in ons ontvanklike harte nie. Kom ons plaas die eienskap van liefde in 'n skermsweef. Hoekom "val" daar soveel mense "uit liefde" en stort op die grond neer? Mense wat glo dat liefde ontstaan in ons eie siele kan wel een oggend opstaan en nie meer lief "voel" vir hulle maat nie. Hulle begin twyfel of hierdie verhouding wel nog werk en begin dan rondkyk vir iemand anders vir liefde. Die Duracell kredietkaart het sy limiet bereik en is dit tyd om te begin terugbetaal.

Wat van die man wie opreg sy beloftes aan sy vrou bedoel het toe hy gesê het dat hy haar altyd sal liefhê en dan skielik vind dat hy aangetrokke is tot 'n ander vrou? Hy mag dalk nie so wil voel nie, maar kan dit nie help nie. Liefde word verwar met wellus, en sy integriteit word bevraagteken. Hy begin dan onttrek van sy vrou omdat hy skuldig voel dat hy so optree en nog steeds liefgehê kan word. Hy het gedink hy kan die liefde wat uit sy hart vloei volhou, maar nou het sy skermsweef gestol en neergestort grond toe, en sy huwelik is op die rotse. Dit is dan geen wonder dat vreugde in die huwelik vir soveel mense ontwykend bly.

Vir dié vir wie dit voel dat hulle huwelik nie meer werk nie, onthou dat liefde net uit die hart van God ontstaan en vryelik beskikbaar is vir dié wat Hom vra. As jy voel dat jy jou liefde vir jou maat verloor het, vra God om dit vir jou terug te gee. Hy sal, want Hy het dit belowe.

En wat julle ookal in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik mag word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen. Johannes 14:13-14.

## 3. *Na aan die Hart van God*

Ons het teen 'n duiselingwekkende spoed op die hoofweg gejaag. Lorelle se kontraksies het ontwikkel in 'n vaste patroon. Ons wou nie onkant betrap word nie en het gejaag vir die hospitaal. Dit was alles so nuut en opwindend, ons sou binnekort ons eerste kind hê. Ons het opgesweef na die kraamsaal en die verpleegster het ons een kyk gegee en gesê, " Julle is te gelukkig, gaan stap maar eers 'n rukkie." Wel, dit het ons gees redelik gedemp. Ons het vyf-en-veertig minute later teruggekeer, en nou het Lorelle nie meer geglimlag nie. Na dertig minute was sy in volle kraam. En dit is baie harde werk. Ja, daar is geen ander woord om dit te beskryf nie, werk, harde werk. Ons het probeer onthou van al die voorgeboorteklas tegnieke, maar dit was baie moeilik om gefokus te bly. Die kontraksies het mekaar vinnig opgevolg. Net soos ons die een onder die knie gehad het, was die ander reeds daar. Uiteindelik, na elf ure, het Michael, ons eersteling, sy verskyning gemaak.

Daar is nogals interessante foto's van my en Lorelle kort na die geboorte. Dit is absoluut verstommend. Sy het gesit asof alles net in 'n dag se werk gebeur het, en ek het in die lug gesweef asof ek enige tyd kon flou val. Ek het daardie dag nuwe respek vir 'n vrou gekry. Hiermee moet ek net vir die dames sê, om jou vrou te sien geboorte skenk, is baie harde werk. As julle klaar gelag het, sal ek my rede voltooi. ☺ Die emosionele stress om die een waarvoor jy lief is in soveel pyn te sien, is verskriklik. Vir ons manne is dit natuurlik dat ons 'n antwoord het vir 'n probleem, maar ek het hierdie keer geen antwoord gehad nie, en dit het seergemaak. Ek het net gebid, "Vader, ek weet daar is 'n rede vir al hierdie pyn, maar op hierdie oomblik kan ek dit nie sien nie." Ek was werklik verlig toe dit alles verby was.

Toe ek my seun vir die eerste keer vasgehou het, was dit ‘n ewige oomblik. Dit was ‘n onbeskryflike oomblik toe ek afgekyk het in sy oë en hy vol in my oë teruggekyk het. Terwyl ek nog in verwondering na hom gestaar het, het ‘n diep vrees in my kom lê. Ek weet dat my seun gestempel is met dieselfde natuur as ek, ‘n natuur wat gesag uitdaag, wat natuurlik neig na rebellie eerder as gehoorsaamheid. Ek het geweet dat ek die verantwoordelikheid dra om daardie wil te stuur en hom te oefen in die dissipline van opregte liefde, goedheid, onselfsugtigheid en gehoorsaamheid. En na alles, het ek gewonder, sal hy ook my vriend wees? Kan iets tussen ons kom en ons van mekaar skei? Ek het net daar gebid, “O liewe Vader in die Hemel, moenie dat iets tussen my en my seun kom nie. Mag ons altyd naby aan mekaar wees en ek bid dat hy my sal ken vir wie ek is en dat hy my vriend sal wees”. Die intensiteit van daardie gebed het my nog altyd bygebly, en is dit voortdurend my gebed dat God dit ‘n realiteit sal maak.

Vier jaar later het ek ‘n stil sabbatdag spandeer terwyl ek geloop en praat het met my Vader, ver weg van die geraas van die lewe. My gedagtes was by my Vader in die Hemel en Sy kosbare liefde vir my. Skielik het die geboorte van my seun weer voor my oë afgespeel en het ek die intense begeerte herleef om nooit geskei te word van hom nie en dat hy my werklik sal leer ken. Die toneel het verbygegaan en in die stilte het ek ‘n sagte stem in my diepste wese gehoor wat sê, ‘Dit is hoe Ek oor jou voel”. Ek het nie geweet of ek moet lag of huil nie, en het dit baie moeilik gevind om te aanvaar. “Maar Here”, sê ek, “U weet wie ek is, U weet dat ek baie dinge verkeerd gedoen en gesê het,” en so het ek aanhou baklei daarteen. Ek was nogals heel verbaas oor myself. Ek is ‘n man wat Jesus aanvaar het as my Verlosser en het geglo dat my sondes vergewe is, maar toe God so naby aan my gekom en my vertel het hoe Hy oor my voel, was dit baie moeilik om te aanvaar. Uiteindelik het ek uitgeroep, “Dankie, dankie dat U my liefhet, en dank U vir alles wat U vir my

gedoen het. Ek het U baie lief." Ek het Sy koestering opreg gevoel. Ek kon nie gelukkiger gewees het nie. Ek het besef dat my Hemelse Vader my so liefhet dat Hy nie wil hê dat enigiets tussen ons moes kom nie. Die gedagte dat ons geskei kon word, bring Hom smart, en daarom doen Hy alles moontlik dat dit nie sal gebeur nie.

Uit hierdie ondervinding is aan my openbaar die hartsvreugde om deel te wees van God se koninkryk. My oë was kort daarna oopgemaak om sekere dele van die Bybel beter te verstaan en het ek Hom geloof en geprys. Ek bid dat die betekenis van hierdie teks in julle harte sal brand vir altyd. Hier is 'n baie duidelike venster na die koninkryk van God:

> "Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie; julle is meer werd as baie mossies." Lukas 12:6,7

Jesus verduidelik hier die beginsels van Sy koninkryk. In hierdie vers vind ons 'n formule wat mense belangrik maak in Sy koninkryk. Wat maak iemand belangrik en wat maak hulle waardevol? As hierdie dinge nie vir jou belangrik is nie, sal hierdie teks nie veel vir jou beteken nie, maar ek het nog nie iemand gevind wat nie worstel met selfwaarde nie.

Jesus verklaar die waarde van twee swaeltjies in menslike terme. In menslike terme is swaeltjies maar redelik waardeloos. Jesus maak dan 'n kontras en sê: "Nie een van hulle word deur God vergeet nie", Die kontras hier is omdat God die swaeltjies onthou, hulle baie kosbaar in Sy koninkryk is. Jesus brei uit op hierdie beginsel deur dit te vergelyk met hoeveel God van ons dink in vergelyking met die swaeltjies. "Elke haar op julle hoof is getel". As dit nie intiem is nie, wat is? Ken jy enigiemand wat soveel van jou wil weet dat hulle die hare op jou hoof wil tel? Dan kom die uitklopreël. "Moenie vrees nie, julle is meer werd as baie swaeltjies". Kan julle sien hoe word waarde en betekenis opgedoen in God

se koninkryk? Dit kom deur eenvoudig te besef dat God deurgaans met liefde aan ons dink. Ons is beslis in sy gedagtes. Hy gee ons lewe, laat ons harte klop, en stort Sy liefde in ons harte uit om die lewe te geniet, en Hy voeg aan ons toe milde gawes, talente en bevoegdhede dat ons tevrede kan wees en tot diens van ander. Dit is die sleutel wat die verslawende koninkryk van waardeloosheid en depressie oopsluit. Het julle die moed om dit te glo?

Terwyl ons besig is met hierdie onderwerp, weet jy hoeveel God van jou dink? Luister na die volgende:

> Psalm 40:5: "Groot dinge het U gedoen, Here my God, u wonders en gedagtes vir ons; niemand kan met U vergelyk word nie. Wil ek dit verkondig en uitspreek, dan is dit te veel om te vertel."

As ons waarde bepaal word deur die liefdevolle gedagtes van God tot ons, dan vertel hierdie teks dat ons kosbaar is, want dit sê dat Sy planne en gedagtes vir ons groter is as wat verklaar of getel kan word. Hoe voel dit om van onskatbare waarde te wees? Maar dit kan net van soveel waarde wees as wat my geloof in die waarheid van Sy liefde teenoor ons is, ongeag van hoe goed of sleg ons is. Dit is wonderlike nuus en ek is so dankbaar daarvoor. So, wanneer jy ookal versoek word om te twyfel of jy van enige waarde is, kyk net na die swaeltjies en glo!

## *4. Die Familie Koninkryk*

Dit is ‘n warm, bedompige dag. Feestelikheid vul die huis. ‘n Heerlike geur stroom uit die kombuis wat die smaakkliere behoorlik uittart vir dit wat voorgesit gaan word. Daar word geskaterlag soos stories uitgeruil word oor tye van ouds. Geskenke word opgewonde uitgeruil in ‘n atmosfeer van liefde. Die kinders verslind ouma se gebak terwyl oupa ons vertel hoe groot ons geword het. Dit was gewoonlik ons ervaring wanneer ons ouma en oupa besoek het. Dit was ‘n tyd vir familie, ‘n tyd om te bevestig waar ons hoort, ‘n tyd om weer kontak te maak met die wat ons liefhet en om geskenke te deel, ‘n kosbare en belangrike tyd om saam te wees.

Daar is niks belangriker as die ervaring van ‘n intieme familie om ons te beskerm teen die groter wordende kake van depressie en waardeloosheid. ‘n Familie kan ‘n hawe skep waar jy aanvaar word vir wie jy is, waar jy jouself kan wees, waar jy vergewe kan word vir foute en net eenvoudig die lewe wat saam gedeel word, te geniet.

Jesus het vir ons ‘n baie belangrike prentjie van die koninkryk van God geskets toe Hy ons geleer het hoe om te bid. Hy het gesê: “Dit is dan hoe julle moet bid: ‘Onse Vader wat in die hemel is.’ ” Jesus het nie gesê bid ‘Liewe God’, of ‘U grote majesteit’, of ‘Liewe Koning’, as ons beginpunt nie, maar eerder ‘Onse Vader’.

### Koninkryk van God is ‘n Familie.

Dit blyk baie ooglopend te wees vir sommige, maar die implikasies van ‘n familie koninkryk is verreikend. Ons sal na hierdie implikasies kyk in die komende hoofstukke.

Die eerste keer dat die Vader tot die mensdom spreek is in Mattheus 3:17. Van die begintyd af tot by die doop van Jesus, het God met ons kommunikeer deur Sy Seun. In al die volheid van Sy oorgeërfde godheid, was Jesus die Jehovah wat die Rooisee oopgekloof het, Hy was die Jehovah wat vanaf die berg Sinai tot die volk gespreek het en Hy was die Jehovah wat Joshua in die Beloofde Land gelei het. 1 Korinthiers 10:1-4. Op die tyd van die doop van Jesus, het die Seun van God Emmanuel geword – God met ons – een met ons. So nou spreek die Vader met ons vir die eerste keer, en Sy woorde is swaar van betekenis (soos altyd) wanneer Hy die grondbeginsel van Sy koninkryk neerlê. "Dit is my geliefde Seun en My behae is in Hom". Daar is baie maniere wat God Sy Seun kon voorgestel het, soos "Dit is die Skepper van hemel en aarde; luister na Hom", of "Dit is julle Koning, julle moet Hom gehoorsaam", maar God kondig die identiteit van Sy Seun aan in terme van familie eerder as in terme van 'n koning of regeerder. As ons hierdie verklaring analiseer, merk ons die volgende:

1. Dit is my Seun
**= Identiteit**

2. Wie Ek liefhet, en in wie Ek'n welbehae het
**= Waarde**

In God se koninkryk word waarde en betekenis bepaal deur ons verhouding tot Hom. Dit is in totale kontras met Satan se koninkryk waar betekenis en waarde bepaal word deur ons suksesvolle prestasie, soos beoordeel deur onsself en ander om ons. In die hemelse koninkryk is God ons Vader, en ons Sy kinders. Dit is ons identiteit. Ons is bekend deur aan wie ons behoort eerder as wat ons doen. Die feit dat God ons liefhet as Sy kinders en Sy seëninge deurlopend op ons uitstort, deurlopend aan ons dink en naby ons wil wees, gee ons 'n ongelooflike gevoel van waarde. "Wees nie bevrees nie, julle is baie meer werd as die swaeltjies".

In God se koninkryk is ons identiteit en waarde so blywend soos God Homself – ewig en onveranderlik. Ongeag van sukses of mislukking, bly die verhouding onveranderd, en ons waarde is veilig. In Satan se koninkryk is ons waarde omtrent so veilig soos die markte na September 11, 2001 – uiters wispelturig en gereed om ineen te stort. Is ons sukses altyd gewaarborg? Kan ons seker wees dat die mense om ons, na wie ons kyk vir aanmoediging en ondersteuning, altyd daar sal wees om ons pogings aan te prys? Nie sommer nie! Vir die wat ore het om te hoor, die wyse man het sy huis op die rots gebou eerder as op sand wat kan verskuif.

Om ons individuele identiteit te beskerm en om ons 'n lewe te spaar van wanhoop, moedeloosheid, waardeloosheid en die dood, het God in die hart van Sy koninkryk 'n wet vasgelê wat verhoudings beskerm. Dit handel oor twee tipes verhoudings. Die verhouding tussen ons en ons hemelse Vader, en die verhouding tussen elkeen van ons as broeders en susters in die koninkryk van God. Dit is waarom Jesus sê:

> "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en grootste gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete." Mattheus 22:37-40

Hierdie twee gebooie is ontwerp om jou identiteit en waarde as kind van God te beskerm. Hierdie twee groot opdragte is natuurlik 'n opsomming van die Tien Gebooie. Het jy al ooit aan die Tien Gebooie gedink as noodsaaklik om nie jou eiewaarde te verloor nie? In die koninkryk van God word die Tien Gebooie verstaan in die konteks van verhoudings. As jy hierdie verhoudings verbreek, vernietig jy jou identiteit, en wanneer jy jou identiteit vernietig, lê die dood vir jou en wag. Daar is niks arbitrêr in God se verklaring dat die loon van die sonde die dood is nie. Sonde (wat die Bybel verklaar as die verbreking van die wet in 1 Johannes 3:4) vernietig ons waarde en identiteit. Wanneer waarde en identiteit vernietig

is, verlang die siel na die dood. Dit is presies die rede hoekom depressie en selfmoord die grootste probleem vandag in ons samelewing is. Die antwoord is eenvoudig – sonde. Kan jy sien hoekom God sonde haat? Sonde steel ons waarde en identiteit as kinders van God, en Hy is vasbeslote om sonde te vernietig.

Net 'n vinnige samevatting van wat ons tot nou gedek het:

1. God se koninkryk is 'n familie.

2. God is ons Vader en ons is Sy kinders.

3. Ons waarde en identiteit as individue is gebaseer op ons verhouding met God.

4. Die koninkryk van God is 'n verhoudings koninkryk gebaseer op verhoudings tussen ons en God en tussen mekaar.

5. Hierdie verhoudings word beskerm deur die Tien Gebooie.

6. Die verbreking van die Gebooie vernietig ons waarde en identiteit.

## *5. Familie Krisis*

Ek kon aan die uitdrukking van sy gesig sien dat hy een of ander trauma in sy lewe ervaar.  Die sakkies onder sy oë het sy dapper poging om dit weg te steek, verraai.  Ek het vir hom gevra, "Is alles reg?"

"Ek en my vrou is uitmekaar" het hy hartseer gesê.  "Ek het dit nie sien kom nie."  Ons het gepraat van die uitdagings wat hy in die oë moet staar en toe blaker hy dit uit, "Ek kan dit nie hanteer om nie die kinders te sien nie – dit vernietig my."  Ek kon sien hy worstel om nie uitmekaar te val nie en het sy pyn gevoel.  Ek het opreg gewens dat ek hom kon help.  Sy laaste woorde was, "Ek weet nie watter kant toe of waarheen om te gaan nie."

Alleenlik dié wat die kronkelende pad van skeiding en egskeiding geloop het, sal die emosie van dié woorde verstaan.  Die skok, woede en hartseer wat deur die lydende party gevoel word, word dikwels vergelyk met die dood van 'n maat.[16]  Die vernietigende realiteite van egskeiding beteken meer as net 'n verdeling van bates, dit beteken die herevaluering van jou hele identiteit.[17]

Die wat die meeste hieronder ly, is natuurlik die kinders.  Die omvang van vernietigende emosies wat deur hulle harte gaan, nie net tydens die gebeure nie, maar vir die res van hulle lewens, kan nooit ten volle bereken word nie.

[16] Nelly Zola and Renata Singer, *True Stories from the Land of Divorce,* (Pan Macmillian, Sydney, 1995) p2
[17] Ibid.

Jim Conway het ‘n opname geneem van honderde volwassenes wat kinders van egskeiding was, en die omvang van emosies wat hulle deurgegaan het, is as volg beskryf:

| | |
|---|---|
| Gevoel van magteloosheid | 65% |
| Alleenheid | 61% |
| Bangheid | 52% |
| Kwaad | 50% |
| Voel verlate | 48% |
| Voel persoonlik verwerp | 40% |
| Waardeloos | 30% |

As gevolg van die feit dat hulle as kinders onderhewig was aan egskeiding, was hulle onderworpe aan die volgende kwessies:

| | |
|---|---|
| Voortdurend aandag gesoek | 58% |
| Blok dele van hulle verlede | 54% |
| Oordeel hulleself te streng | 53% |
| Neem hulleself te ernstig op | 47% |
| Oorreageer op situasies waaroor hulle geen beheer het nie | 42% |
| Voortdurende probleme met verhoudings | 40% [18] |

Geen wonder God sê: “Ek haat egskeiding”, Maleagi 2:16. Ongeag van hoe dit gebeur, of wie uitloop op wie, die verlies van familie verhoudings is vernietigend vir alle partye. Daar

[18] Conway, p 31

is geen wenners wanneer familie verhoudings verkrummel nie. Tog is dit presies wat in die hemel gebeur het. God se familie was uitmekaar geskeur deur ‘n krisis toe Sy eerste geliefde geskape seun teen Hom gedraai het.

Die Bybel sê in Openbaring 12:7, “En daar was oorlog in die hemel.” Ons kan, wanneer ons hierdie vers lees, geneig wees om te dink dat dit ‘n oorlog is tussen twee konings en hulle koninkryke, maar hierdie oorlog het God se familie uitmekaar geskeur. Kan jy jou indink toe God hierdie seun gemaak het en hom styf vasgehou het. Hy het Sy hart en siel met hierdie engel gedeel. Hy het hom niks anders as liefde betoon en hom die voorreg gegee om te dien op die hoogste vlakke van Sy familie. Maar nou het hierdie kind van Hom woorde van woede en rebellie gespoeg. Hy het baie kinders van God se gedagtes vergiftig deur in die skaduwees van misleiding en leuens te beweeg. Kan jy jou die hartseer voorstel? Lucifer, perfek geskape, was nou gevul met haat en moord. Hy het hom daarop toegespits om die ewige Seun van God te vernietig, want Jesus het openbaar dat Satan ‘n moordenaar was van die begin af in Johannes 8:44. Die realiteit van hierdie gevoel het hom afgespeel by die kruis van Golgota waar Satan gehoop het om Jesus te vernietig.

Wie kan die gevoel van verlies verstaan wat God vir Sy seun, Lucifer, gehad het. Ons het ‘n ego hiervan in die verhaal van Dawid en Absalom.

Toe het die Koning baie ontroerd geword en opgeklim na die bovertrek van die poort en geween; en hy het rondgeloop en só gesê: My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun! 2 Samuel 18:33

Dawid se aantreklike seun, Absalom, het begeer om sy vader te vermoor en sy koninkryk te vat, maar Dawid se manskappe het Absalom se magte verslaan en Absalom was in die aanval doodgemaak. In stede daarvan om hom te verbly oor die oorwinning, het Dawid geween oor die verlies van sy rebelse

seun. Daar is geen wenners wanneer families uitmekaar geruk word nie.

Dit is noodsaaklik om te onthou dat 'n persoon se identiteit en waarde in God se koninkryk opgesluit lê in hulle verhouding tot die Skepper God, ons hemelse Vader. Toe Lucifer uit daardie verhouding uitgestap het, het hy geestelike en emosionele selfmoord gepleeg en 'n onverwagse vloedgolf van donker emosies geopen. As jy Lucifer voor sy rebellie sou vra wie hy is, sou hy met kalme versekering en vertroue sê, "Ek is 'n seun van God en Hy is lief vir my." Toe Lucifer sy Vader verwerp het en jy hom dieselfde vraag sou vra, wat sou hy antwoord, wat kon hy sê? Hy het sy identiteit vernietig. Watter identiteit hy ookal vir homself sou skep van daardie oomblik af, sou nooit ooit die leegheid vul en die sin van verlies wat hy ervaar het, deur die intieme verhouding wat hy met sy hemelse Vader gehad het.

Hy het baie kere gewens hy kon terugkry wat hy verloor het, maar sy trots het hom weerhou. Om dinge erger te maak, sou hy nooit kon glo dat hy vergewe sou word na sy ondankbaarheid en openlike rebellie nie. Lucifer, nou Satan, wat beteken "teenstander", het alleen gestaan. Daar is niemand meer om hom vas te hou nie, geen vaderfiguur om na toe te gaan nie en geen plek om sy huis te noem nie. Satan is nou aangewakker met al die emosies van waardeloosheid, onsekerheid, vrees, leegheid, jaloesie, trots, self-geregtigheid, arrogansie, woede en 'n gees wat wil beheer.

Satan het sy identiteit verloor. Hy moes sy gevoel van waardeloosheid herdefinieer. Hy moes op een of ander manier die leegheid en waardelose gevoel wat hy ervaar het, versmoor. Soos enige kind, dra Satan al die littekens van onsekerheid, vrees, waansin en 'n desperate behoefte vir aanvaarding van enigeen van wie hy dit kan kry. Sy verdraaide natuur veroorsaak nou dat hy aanbid en vereer moes word, enigiets om die pyn, eensaamheid en waardeloosheid weg te neem, enigiets. Hierdie hartseer

posisie word baie mooi saamgevat in ‘n lied van die film, “City of Angels”:

**<u>Vers 1</u>**

Om al jou tyd te spandeer en te wag vir daardie tweede kans

Vir ‘n breuk wat alles goed sal maak

Daar is altyd ‘n rede om nie goed genoeg te voel nie

En aan die einde van die dag is dit moeilik

ek het een of ander afleiding nodig of ‘n pragtige bevryding

Herinneringe weggesuig uit my are

maak my leeg. En o gewigloos en miskien

sal ek vrede vir ‘n wyle vind vanaand

**<u>Vers 2</u>**

So moeg vir die reguit lyn en oral waar jy draai

Is daar aasvoëls en diewe op jou rug

Die storm bly woed, jy bly leuens versin om op te

maak vir alles wat jy kortkom

Dit maak geen verskil om nog een keer te ontsnap

Dit is makliker om te glo in hierdie soete malligheid

O hierdie wonderlike hartseer wat my op my knieë bring

Aangesien Satan verhoudings as die fondament van waarde verwerp het, kon hy nie ‘n koninkryk stig gebaseer op verhoudings nie. Daar was net een opsie. Om sy waarde te bepaal deur wat hy doen eerder as aan wie hy behoort. Hierdie koninkryk kan nie werk as almal erken dat alle lewe,

wysheid en liefde van God kom nie. Hy het derhalwe die beginsel van ‘krag in jouself’ ontwerp om sodoende God se mag in te kort tot ‘n krag wat dit onmoontlik sou maak vir ‘n persoonlike verhouding. ‘n Krag wat na willekeur gebruik en misbruik kon word. Satan se koninkryk is ‘n ryk van mag en prestasie en die soeke na plesier. Die sentrale tema is om aan niemand verantwoording te doen nie, en om te gee vir net dié wat vir jou tot nut sal wees.

Hierdie koninkryk is natuurlik verdoem, want die lewenskrag wat dit onderhou, behoort aan ‘n lewendige wese en eendag gaan die skuld van dié wat Hom verwerp het, se lewe uitgepers word wie hardnekking geweier het om hulle identiteit as kinders van God te erken. Dit is verdoem, want niks kan die pyn en verlies wegneem wat volg weens die verwerping van hierdie identiteit nie. Die waarheid van die spreekwoord word hier begin verstaan, “Daar is geen rus vir die goddelose nie.”

Wanneer ons teruggaan na die tuin van Eden binne hierdie konteks, sien ons dat Satan op die oog af uitgeslape en slim voorkom in sy poging om sy uitsetting uit die hemel te dwarsboom. Maar tog is sy hart leeg en onseker en sukkel hy om ‘n nuwe identiteit te vorm en uit die al hoe groter wordende gaping van hopeloosheid te ontsnap.

## 6. Hel op Aarde

Hierdie moet een van die mees traumatiese ervarings van die lewe wees. Dit mag jare geneem het, maar oor tyd is ‘n werklik hegte vriendskap opgebou met iemand, iemand met wie jy kosbare tyd saam spandeer het. Maar skielik kom jy agter dat jou vriend vreemd optree. Jy probeer jouself oortuig dat dit jou verbeelding is en daar nie werklik ‘n probleem bestaan nie. Maar die bewyse is oorweldigend, en ten einde laas is jy genoop om jou vriend te vra of daar ‘n probleem is. Nadat dit soos ‘n ewigheid voel om deur die skans te breek, kom jy agter dat iemand anders hom beïnvloed het teen jou om jou aksies so te interpreteer dat dit jou sprakeloos laat.

Sekerlik sal rede seëvier en die misverstand vinnig opgelos kan word, maar tog nie! As jy dan poog om ‘n redelike verduideliking te gee, word jy onbeskaamd daarvan beskuldig dat jy probeer om ‘n verskoning te fabriseer. Op hierdie stadium is enige van vele emosies besig om oor te neem: seer, pyn, woede of selfs teneergedruktheid dat jou vriend iemand anders so maklik kon glo sonder om ‘n woord vir jou te sê, wat nog daarvan om jou te verdedig! Jou uitbarsting of stilte (watter een ookal van toepassing is) dui vir jou vriend aan dat wat van jou gesê is, waar was. Praat van die mes in die wond draai!

Miskien het jy ook so ‘n pynlike herinnering wat die werklikheid van hierdie scenario bevestig, wat herhaaldelik gebeur het vanaf die begin van sonde hier op aarde. Ek herroep self weer so ‘n insident en wonder ek, “Hoekom?”

Ek is seker meeste van ons het letsels van soortgelyke vorme van verwerping, en ek reken dit kan ons op ‘n miniskule manier help om te verstaan hoe God moes gevoel het toe Adam en Eva van die vrug van die Boom van Goed en Kwaad

geëet het. Dit is een van die grootste raaisels van die lewe dat die woorde van ‘n vreemdeling jou kan vervreem van jou beste vriende.

Ek het myself al baie keer ingeleef hoe God Sy dogter Eva fyn dopgehou het toe sy haarself bevind het in die middel van die tuin in dialoog met die “vreemdeling”. Al die tyd wat God spandeer het met Eva en Sy onnoembare tekens van liefde aan haar bewys, sou sy klou aan die sekuriteit en liefde van haar hemelse Vader of die woorde van Satan glo via die slang? Hoekom het God nie tussenbeide getree en ‘n engel gestuur om die gesprek te beëindig nie? Daar is baie “hoekoms” wat beantwoord moet word. Aangesien ons nie die tyd of spasie het om alles aan te spreek nie, en inderdaad nie ten volle aangespreek kan word tot ons Hom van aangesig tot aangesig sal sien nie, is die sentrale antwoord liefde.

Liefde verleen die voorreg om te kies, al gaan die keuse die gewer ernstig benadeel. As God altyd tussenbeide getree het as Sy kinders in die verkeerde rigting beweeg, sou hulle in werklikheid geen keuse gehad het om uit te oefen nie. Daar is tyd vir onderrig en regstelling, maar daar kom ook ‘n tyd wanneer die Een wie die keuse gee, stil is. Liefde word so bevestig, want liefde sonder keuse is nie liefde nie. Dit is ‘n realiteit wat alle ouers mee worstel in die opvoeding van hulle kinders. As ons kinders, na al ons raad en rigtingwysers nog steeds die keuse uitoefen om teen ons te kies, verbied ons hulle om onsself die pyn van verwerping te spaar. Of swyg ons terwyl ons harte breek om hulle toe te laat om die keuse uit te oefen dat hulle ons verwerp? Dit is ‘n moeilike keuse vir elke ouer.

God, wie in Sy wese liefde is, het stil toegekyk hoe sy kosbare dogter, Eva, die instrument gaan word wat sy geliefde seun, Adam, gaan vernietig. Teen die tyd moes God se hartseer onbeskryflik gewees het. Sou die pyn in Sy hart oor die verlies van Sy dogter Hom noop om in te gryp om Adam te red? Nee! Goddelike liefde het in stilte geween, en waarlik bewys dat Hy die God van vryheid en vrye keuse is. Hy sou

Adam toelaat om vir homself te kies. Moet asseblief nie hierdie toets sien as ‘n toets dat God onverskillig uit die hemel sou toekyk of Adam en Eva wel die toets sou slaag om deel te wees van ‘n hemelse klub nie. God was op dieselfde wyse getoets as Adam en Eva. Want God het geweet as Adam en Eva sondig, Hy die belofte wat gemaak was voor die skepping van die wêreld[19] moes oproep, dit was om die lewe van Sy Seun – Jesus Christus te gee. Christus sou toon wie Sy Vader werklik was; Hy sou hulle skuld op Homself neem en Sy lewe vergruis eerder as hulle sin. God was deeglik daarvan bewus toe hy in stilte Eva en toe Adam dopgehou het. Watse tipe liefde was in daardie stilte? Hierdie demonstrasie van liefde sal vir ewig die bose idee vernietig dat God gedryf was deur selfbelang.

Ons het in Hoofstuk 1 die filosofie bespreek wat Adam en Eva omhels het toe hulle van die boom geëet het, en het ons in die vorige hoofstuk die tragiese mengsel van emosies bespreek wat Satan daartoe gelei het om die verdraaide konsep van lewe sonder God saam te flans en om ons eie identiteit te vorm in wat ons bereik. Selfs terwyl die vrug besig was om te verteer in Adam en Eva se maagsappe, het ‘n walglike wolk van waardeloosheid en skuld hulle gedagtes en die gelukkige, vreugdevolle verhouding met hulle God, afgeskakel. Die vloek van die Duracell boom het sy verraderlike werk begin, en binne ‘n kort bestek van tyd, was Adam en Eva deur skuld en vrees verswelg. Hulle het, net soos Satan en sy engele, geestelike en emosionele selfmoord gepleeg. Hulle het hulle waarde en identiteit verloor en niks wat hulle doen, kon dit terugbring nie. Hulle kon nie self hulle guns by God herstel nie. Hulle het die verhouding verbreek en alleenlik God kon dit herstel. Hierdie feit is selfverduidelikend as ons besin oor ons eie ervarings. As iemand sy verhouding met ons skend, rus die gesag om die verhouding te herstel op die party wat nie oortree het nie, die

[19] 1 Petrus 1:20; Openbaring 13:8

oortredende party het enige outoriteit in die verhouding oorgegee.

Dit is op hierdie punt belangrik om te onthou waarna ons gekyk het in Hoofstuk 2. God is die bron van lewe, wysheid en vreugde. Adam en Eva het hulleself nou afgesny van daardie bron omdat hulle die leuen geglo het, naamlik dat hulle al die bogenoemde in hulleself besit. Hulle redenasievermoë kon nie langer onselfsugtig of objektief gebruik word nie. Hulle gedagtes is volkome in harmonie met Satan. Hulle het geen vermoë om Satan se leuens te ontmasker nie. Satan het begin om hulle valse teorië oor God se karakter te voer en terselfdertyd voer hy aan dat hulle sleg is. Hy vertel hulle dat hulle verdien om te sterf en dat hulle waardelose individue is. Satan is steeds besig om ons identiteit te vernietig, en hy doen dit deur ons leuens te vertel oor God en leuens oor onsself. So lank ons die leuens oor God en onsself glo, kan ons nooit versoen raak met God nie.

Die "vreemdeling" het die beste van vriende geskei. God kom besoek en roep Adam en Eva, maar die stem wat hulle eers beskou het as die soetste in die heelal, het hulle nou laat wegkruip uit vrees en desperaatheid. Satan se programmering het sy werk gedoen!

Verbeel jou jy kom eendag by die huis in vreugdevolle afwagting om jou kind te groet, iets wat nou al 'n ritueel geword het en vind jy dat jou kind nie kom groet nie. Gewoonlik kom hy elke middag al singende by die voordeur uitgehardloop, en gooi homself in jou arms in 'n liefdevolle omhelsing. Verbaas gaan jy by die voordeur in en hoor sy gil van vrees met voetstappies wat vinnig buitekant toe hardloop om vir jou weg te kruip. Iets het die verhouding verbreek. Waar daar liefde was, is daar nou vrees. Geen ware vader geniet dit dat sy kinders weghardloop as hy hulle roep nie. Dit maak seer. Dit is 'n tragedie dat sonde ons bevrees kan maak vir die mees liefdevolle, vrygewige, geduldige, vryheidsliewende Persoon in die heelal.

God word gekonfronteer met 'n baie ernstige dilemma. Hoe benader Hy Adam en Eva noudat hulle luister na 'n ander stem? Alles wat Hy nou sê, word geïnterpreteer in 'n bose lig. Hulle weet hulle is skuldig, maar omdat hulle valse idees van God aanvaar het wat die bron van lewe en wysheid is, het hulle geen veiligheid of selfwaarde om te aanvaar dat hulle verkeerd is nie. Hulle het uitdagend geword omdat hulle nou beheer word deur 'n gees van skuld en onsekerheid. Hulle het die vermoë om eerlik te redeneer, verloor.

God se liefde bewys deur Sy verdraagsaamheid bly vir my 'n wonder. Toe God na Adam geroep het, "Waar is jy?" is dit nie omdat Hy nie geweet het nie, maar om Adam toe te laat om die probleem in die gesig te staar. *Waar is jou gedagtes, Adam? Wat het gebeur met jou identiteit?* Die fisiese verteenwoordig altyd die geestelike, en die fisiese wegkruip van Adam en Eva was die openbaarmaking van die innerlike vrees wat hulle nou ervaar het. Hulle het hulleself omhul met misleiding en bedrog om die waarheid wat so vreesaanjaend is, te vermy. God was besig om hulle te help om die probleem te diagnoseer, sodat Hy die hemelse oplossing na hulle kan bring.

Adam het op God se vraag reageer deur Hom te antwoord dat hy bang was omdat hy naak was. Hierdie belydenis is interessant in die lig van Genesis 2:25. "Die man en sy vrou was nakend, en hulle was nie beskaamd nie." Adam was nakend voor hy die vrug geeët het en tog was hy nie beskaamd nie. Die afleiding is dat Adam nou beskaamd is. Die Hebreeuse woord (buwsh) beteken ook verbysterd, verward en teleurgesteld. Adam was baie verward, en het skuldig en teleurgesteld gevoel. Hy was verward oor wie hy was en het skuldig gevoel oor wat hy gedoen het. God het nou gepoog om Sy vinger op die intensiteit van Adam se pyn te sit. "Wie het jou vertel dat jy naak is?" "Het jy geëet van die boom wat Ek jou beveel het om nie te eet nie?" God het nie vir Adam gevra "Hoe weet jy dat jy naak is nie". Hy vra Adam "*Wie het jou gesê* dat jy naak is?" God het Adam gewys na die aanhitser van die leuens wat hy vertel is, met

ander woorde "Wie is die oorsaak dat jy van my weghardloop?" "Wie het tussen My en jou gekom?"

God het Adam direk aangespreek, "Het jy geëet van die boom wat Ek jou beveel het om nie van te eet nie?" Dit is 'n eenvoudige vraag wat 'n eenvoudige ja of nee vereis. Noudat Adam God as selfsugtig en wraaksugtig voorstel en homself as dom en waardeloos, tel hy twee-en-twee bymekaar en kry 64. Adam glo as hy ja sê, hy swaar gestraf sal word, want hy glo nou dat God wraaksugtig is. As hy nee sê, glo hy gaan hy dubbel gestraf word, een omdat hy van die boom geëet het en een omdat hy gejok het. Omdat hy geglo het daar is geen uitweg nie, het Adam homself verdedig en regverdig.

"Die vrou wat U my gegee het, sy het my van die vrug gegee en ek het geëet".

Die man is klaarblyklik skuldig, maar hy plaas die skuld op Eva en uiteindelik op God. Kan jy jou voorstel hoe geskok Eva moes gewees het met hierdie man wat kort van tevore beloof het om saam met haar enigiets te oorkom, maar met die eerste moeilikheid, val hy plat op sy gesig! Sonde kan nie 'n heldefiguur oplewer wat homself onselfsugtig gee om andere te help en te ondersteun nie. Die resultaat is altyd elke man vir homself.

Ons wil nie die proses wat homself hier uitspeel, miskyk nie. Adam se reaksie word gedryf deur sy skuld en onsekerheid, gekombineer met 'n valse persepsie van die karakter van God, alles saamgevoeg met 'n stewige porsie van trots. Noudat hy homself nie meer sien as 'n kind van God nie, moet hy die filosofie aanvaar van "As ek nie vir myself opstaan nie, sal niemand nie!" Hy redeneer nou so, want hy glo hy het nie meer 'n vader nie. Hier lê die groot hartseer van sonde: hoe wys God aan Adam dat hy 'n valse beeld het van sy Vader en dat hy, Adam, nie waardeloos en dom is nie. Hoe kon Adam 'n ware raming gegee word van sy situasie as hy sy vermoë om objektief te redeneer, verloor het. God is die enigste bron van ware wysheid en Adam het hom afgesny van daardie

bron.  En al kon hy redeneer, hoe kon sy redenasie vry wees van die mengsel van skuld en trots wat enige waarheid heftig ontken??  Adam kon dit nie verdra dat God vir hom sê dat hy verkeerd is nie, al was dit in liefde en vir sy eie beswil gedoen, want sy onsekerheid het sy rede oorheers.

Dit is my opregte gebed dat jy sal besef dat, toe Adam en Eva hulle van God geskei het, hulle so hopeloos verlore was, dat hulle bykans nie bereik kon word nie.  Hulle was volkome deur die gees van Satan beheer.  In hulle harte lê die saad wat uiteindelik hulle kinders sal lei om met die bose engele saam te werk in 'n desperate kameraadskap wat daarop gemik is om die Seun van God dood te maak in Jerusalem.  Alhoewel dit nog nie ten volle geopenbaar was nie, wou hulle harte niks te doen hê met God of sy koninkryk nie en het Hom onwetend eintlik gehaat.

Op hierdie punt mag julle versoek word om te vra, "Wag net so bietjie, vat jy dit nie so 'n bietjie ver nie? Ek besef hulle het 'n probleem, maar om te sê dat hulle God haat, is oordrywing."  In reaksie daarop moet ek sê dat ons moet onthou dat alle goedheid, liefde en wysheid van God kom. Dit ontstaan nie in die hart van die mens nie.  As ons hierdie belangrike punt nie verstaan nie, kan die verhaal nie betroubaar wees nie, en kan ons onsself ook nie waarlik verstaan nie.  Die Bybel is baie duidelik oor hierdie punt. Kyk na die volgende verse:

> Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Romeine 8:7
>
> Soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Rom.3:10,11
>
> Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Jeremia 17:9

Die Bybel leer dat ons gedagtes van nature vyandiggesind of in oorlogvoering is teenoor God.  In ons natuurlike staat is ons gedagtes rebels en nie onderdanig aan Gods gebooie nie, en is dit onmoontlik om vry te breek van hierdie kondisie.  Ek het in my eie ervaring en in die ervaring van baie mense met wie ek hierdie gedeel het, ‘n intense gees van weerstandigheid tot hierdie waarheid ervaar.  Die gees van weerstandigheid weens die feit dat die menslike natuur volkome vyandig is teenoor God, is ‘n direkte eggo van die weerstandigheid wat Adam manifesteer het teenoor God toe hy Hom en Eva blameer het eerder as om verantwoordelikheid te neem vir sy eie mislukking.  Adam se onsekerheid is ons erfenis en ons kan die waarheid net so min verdra soos hy.  As jy jou verset teen die idee, moet jy jouself afvra hoekom jy so voel?  As jy veilig voel in jouself, sal hierdie stellings jou nie pla nie.  Adam se onsekerheid en nutteloosheid is ons erfenis.  Dit is al wat hy ons kon gee.

As jy die realiteit aanvaar dat die menslike natuur vyandiggesind is teenoor God, dan is jy gereed vir ware vreugde.  In die konteks van God se reddingsplan, is daar oneindige vreugde in die besef dat jy niks goeds kan doen nie.  Jy kan ophou probeer.  Jy kan ophou om jouself te kasty wanneer jou bose natuur uitspring en iemand emosioneel of fisies aanval, maar ek loop myself vooruit; ons hou dit vir die volgende hoofstuk.

Om terug te keer na Adam en Eva begin ons verstaan dat dit ‘n enorme taak sou wees om die skeidsmuur wat tussen hulle ontstaan het, te verbreek.  Om hulle en hulle nageslag te herstel tot hulle vorige staat, sou die volgende nodig wees:

‘n Manier om:

1. die mensdom die wysheid te gee om hulle desperate situasie te erken, en daarmee saam so beïnvloed te word dat hulle vryheid van keuse nie geskend word nie;

2. te besef dat hulle siening van God se karakter en Sy koninkryk verkeerd is en aan hulle te toon dat Hy hulle werklik liefhet en wie Hy regtig is;

3. hulle skuld en onsekerheid te verwyder en hulle ware identiteit en waarde as kinders van God te herstel;

4. om die doel van hulle lewe terug te kry, die rede vir hulle bestaan of hulle einddoel.

5. Dit sou tyd vereis. Adam en Eva het hulle eie lewens verbeur, en het nou ‘n lewensonderhouding sisteem nodig wat hulle tyd sou gee om ‘n keuse te maak.

6. Te midde van al bogenoemde, moes God steeds ‘n sin van geregtigheid handhaaf. Hy kon hulle rebellie nie ignoreer of goedkeur nie. Terwyl God in sy genade nie toelaat dat hulle die volle konsekwensie van hulle keuse dra nie, moes Adam en Eva verstaan wat die gevolg van hulle keuse was, sodat hulle die fout wat hulle gemaak het, kon begin besef.

Die belangrike punt om te maak is dat wat gebeur het, God nie onverwags betrap het nie. Die Vader en Sy Seun het alreeds geweet wat hulle sou doen. Daar was reeds ‘n plan in plek – ‘n plan wat omvattend genoeg was om hierdie wanhopige situasie te ontmoet.

## *7. Die Hemelse Reddingsboei*

In ‘n poging om die edelste vorm van menslike liefde moontlik, te verduidelik, het die Grieke die storie van Admetus en Elcestis ontwikkel.[20] Die Apostel Paulus verwys na hierdie verhaal in die boek van Romeine.

Want nouliks sal iemand vir ‘n regverdige sterwe – vir ‘n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. (8) Maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Romeine 5:7

Koning Admetus was beroemd vir sy gasvryheid en regverdigheid, en was geliefd deur sy hele koninkryk. Die god Apollo was verdryf van Mt. Olympus deur sy vader Jupiter en gesê om sy heiligheid neer te lê en ‘n mens te word en die mens te dien as a slaaf. Toe hy aarde toe gekom het, het Koning Admetus hom as ‘n boemelaar gevind en hom jammer gekry. Hy het hom gevoed en hom die herder van sy kuddes gemaak en hom behandel as ‘n seun. Na 12 maande was Apollo terug getransformeer in sy heilige staat en het Admetus bedank vir sy hulp en hom gesê “As jy my hulp ooit in die toekoms nodig mag kry, moet jy net vra.

Na verloop van tyd, het Apollo teruggekeer na Admetus om hom in te lig dat Hades, die god van die onderwêreld, spoedig sou kom om hom te eis. Apollo het gesê dat hy ‘n ooreenkoms met sy vrou Persephone gemaak het, die vrou van Hades, dat as iemand gevind kon word om in sy plek te sterf, dit nie nodig sou wees vir hom om te moet sterf nie.

Admetus het na sy ouers gegaan en hulle gevra of hulle gewillig sou wees om sy plek te neem. Hulle het gesê, “Ons

[20] https://en.wikipedia.org/wiki/Admetus

is lief vir jou, seun, jy is ‘n goeie en minsame persoon, maar ons is liewer vir ons lewens.  Ons kan nie namens jou doodgaan nie.”  Die koning het regdeur sy koninkryk gegaan en kon niemand vind wat gewillig was om vir hom te sterf nie.  Admetus het berus by sy lot en op daardie oomblik het sy vrou, Alcestis, uitgeroep na Apollo, “O geliefde Apollo, jy het my eggenoot geseën en sy roem en fortuin tienvoudig vermeerder in ons ganse koninkryk.  Admetus is so ‘n goeie man en sy mense het hom baie nodig, en hy verdien om te lewe!  Ek sal vir hom sterwe sodat hy mag lewe.”  En sy het. Die hele land het geween vir die goeie vrou van die goeie koning, wat grootliks geliefd was deur haar mense en wie gesterf het sodat haar Koning mag lewe.  Toe sy voor Persephone verskyn, het sy haar jammer gekry, en haar gesê dat sy weer mag lewe as ‘n beloning vir die getrouheid wat sy aan haar man bewys het.  En soos Admetus en Alcestis toegeneem het in ouderdom, het Apollo hulle ook beloon vir hulle getrouheid, en toe Dood uiteindelik aan die einde van hulle ouderdom vir hulle gekom het, was hulle reg vir hom.

“Hierdie” roep die Griekse filosowe uit, “Is die grootste vorm van liefde wat daar is – dat ‘n mens sy lewe sal neerlê vir sy vriende!”  Baie mense verbind hierdie verhaal met die woorde van Jesus waar hy sê:

> Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Johannes 15:13

Tog is dit nie ‘n uitdrukking van die diepte van God se liefde nie, maar eerder ‘n uitdrukking van die limiet van die mens se liefde.  Die apostel stel hierdie menslike verhaal van die limiet van die liefde van die mens in teenstelling met die volgende:

> Want nouliks sal iemand vir ‘n regverdige sterwe – vir ‘n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. (8) Maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (9) Veel meer dan sal ons, noudat ons geregverdig is in Sy bloed, deur Hom gered

> word van die toorn. (10) Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van Sy Seun, veel meer sal ons deur Sy lewe gered word noudat ons versoen is. Romeine 5:7-10

God openbaar die diepte van Sy liefde deur toe te laat dat Sy Seun gewond word deur ons oortredinge en gekneus deur ons ongeregtigheid. Hy het Sy Seun gegee vir Sy vyande, wat Hom gehaat en verag het, deur Sy groot liefde en barmhartigheid vir hulle. Hierdie is nie menslike, maar goddelike liefde.[21]

Voor die skepping van die mens, was die Vader en Seun in dialoog gewees. In die Bybel beskryf as die raadsbesluit van vrede.[22] Die besluit is geneem wat sou bepaal wat gebeur as die mens Hulle sou verwerp. Die tyd het aangebreek om op te tree. Wie sou die lyding van God kon bepaal? Sou Hy toelaat dat Sy Seun die plaasvervanger vir Adam en Eva word en die gevolge betaal vir hulle keuse? Sou Hy toelaat dat Sy Seun hulle waardeloosheid en hopeloosheid op Homself na die graf neem? Sou Hy toelaat dat Sy Seun Sy identiteit opgee, wat die woorde uit Sy hart sou skeur "Waarom het U my verlaat?"

Terwyl ek hierdie woorde skryf, sit my seun rustig oorkant my. Ek kyk na sy kosbare gesig en voel my liefde vir hom in my hart opwel. Ek probeer myself indink in God se posisie, om toe te laat dat my seun die straf van die dood op hom neem vir 'n groep mense wat alles waarvoor ek staan, sou haat. Ek bely dat my verstand die gedagtes eenvoudig verwerp. Ek is bewus dat die gedagte daaraan net te pynvol is en derhalwe sal ineenstort! My gedagtes gaan terug na God en Sy dilemma en my gemoed raak gevoelloos. Ek is oneindig dankbaar teenoor Hom vir sy opoffering, wetende dat ek een van die mense is, terwyl ek nog 'n vyand van God

[21] Vir meer inligting, sien *The Word That Turned the World Upside Down* deur Robert Wieland, http://fatheroflove.info/download/view/863
[22] Sagaria 6:13

was, lewe aan my geskenk is deur die plaasvervangende offer van die Seun van God.  Hierdie gedagte maak dat ek eers stilstaan en Hom loof in dankbaarheid vir Sy grenslose liefde en offer.

Dit verwonder my dat die Seun van God, wie later Jesus, die mens, geword het, gewillig was om dit vir ons te doen.  Die Bybel vertel ons dat God die einde van die begin ken en dat die Vader hierdie kennis met Sy Seun gedeel het.  Die oomblik toe sonde die heelal besoedel het, het Hy presies geweet waartoe dit sou lei.  Christus kon sien wat vir Hom wag toe Hy na die aarde gekom het; die verwerping, geslaan, gespot, gehaat en gevloek, die naaktheid en die donkerte aan die kruis, die waardeloosheid van biljoene siele wat op Hom sou rus, en die opgehoopte skuld en leed van duisende generasies.  Hy het dit alles gesien en tog sê die Seun van God, "Ek begeer om U wil te doen, my God, U wet is in my hart."[23]  Die Seun van God het nie teësinnig ingestem om te kom nie, maar was begerig om Sy Vader se wil te doen.  Sy hart, soos die hart van Sy Vader, het gehunker om Sy kinders te bring na hulle eindbestemming van volkome geluk.  Wie is hierdie God?  Met wie sal ons Hom vergelyk en is daar genoegsame woorde om Hom te prys?

Ons het in die laaste hoofstuk genoem dat Adam en Eva nou 'n lewensonderhouding stelsel nodig het en die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei;  hulle het hulp nodig om God in waarheid te sien en om die leuens van Satan te bespeur, dit bloot te lê en te verwerp.  Hulle het 'n morele kompas nodig om hulle te help om die ware geestelike noord te onderskei.

Al hierdie dinge sou voorsien word deur die geskenk van God se Seun aan die wêreld.  Dit was beloof aan Adam en Eva in Genesis 3:15.  God het Satan direk aangespreek:

[23] Psalm 40:8

> "En ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad; Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."

Hierdie vers is vol belofte en hoop. God het gesê Hy sal vyandskap stel tussen Satan en die vrou. As God praat van die vrou, praat Hy van almal wat uit haar sal voortkom, met ander woorde, die hele mensdom. Die woord vyandskap beteken haat of vyand.[24] God sal iets in die hart van die mensdom plaas wat die kwaad verwerp en goedheid en waarheid begeer. Daar is slegs een rede hoekom God dit kon doen. Dit is omdat Sy Seun die wêreld sou versoen deur Sy lewe en dood op aarde. Dit is wat bedoel word met vyandskap tussen die vrou se saad en Satan se saad of nageslag. Paulus, in die boek van Romeine verwys na hierdie vyandskap as genade en krag in die volgende vers:

> Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die een baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword. Romeine 5:15

Die vermoë om reg te kies kom direk van hierdie vyandskap wat God in ons harte geplaas het deur die geskenk van Sy Seun. Hierdie selfde geskenk voorsien ook die broodnodige geskenk van lewe.[25] Paulus verwys ook na hierdie feit in dieselfde hoofstuk van Romeine:

> Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Romeine 5:18

[24] Vines Expository Dictionary - Enmity

[25] Wanneer ons hier verwys na lewe, praat ons van 'n proeftydperk van lewe, nie die ewige lewe nie. God het aan elke persoon 'n lewe op hierdie aarde gegee om te kan kies om waarheid oor God en Sy koninkryk te aanvaar of verwerp.

Dit is ‘n wonderlike waarheid wat vrede en geluk kan bring ver bo ons denkvermoë.

Die bostaande feit is dat elke asemteug wat ons gee (of jy in die offer van die Seun van God glo of nie) kom direk van Jesus Christus. Dit is Sy lewe wat jou hart laat klop, jou laat asemhaal en lewe. Al die funksies waarna ons verwys as onwillekeurig is in werklikheid willekeurig van God se kant af. Hy is die hart van die waarheid wat sê:

> Sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. Handelinge 17:27, 28

God is nie ver van enigeen van ons nie, want ons word onderhou deur die lewe van Jesus Christus op grond van Sy bemiddeling vir ons deur Sy dood aan die kruis. As jy ver verwyderd voel van God, is die waarheid dat Hy nooit ver van jou is nie. Jy hoef net jou pols te voel om te weet dat Hy jou nie verlaat het nie.

Bykomend is die feit dat God in ons harte die begeerte plaas om reg te doen en ‘n behoefte om die kwaad te weerstaan; ons het waarlik baie om voor dankbaar te wees. Dink aan die tye wat jy versoek was om iets verkeerd te doen en jouself dan besin het en dit nie gedoen het nie. Dit was die gawe wat God jou gegee het, die vyandskap teen die kwaad. Dit maak nie saak of jy in God glo of nie, die gawe word vir jou gegee, deur Jesus, sou ons kies om dit te beoefen. Ons word vertel in die Skrif dat God die reën laat val oor die goeies en die slegtes.[26] Dink aan hoeveel keer Satan ‘n bose gedagte in iemand se verstand geplaas het om iets aan jou te doen of jou besittings van jou te vat, en die vyandskap wat in hulle harte

[26] Mattheus 5:45

geplaas is deur God, het hulle weerhou om dit te doen. Natuurlik het ons nog die keuse om dié ingewing te verwerp deur voort te gaan en die kwaad te doen, maar as daardie vyandskap nie daar was nie, sou nie een van ons die vermoë gehad het om nie die bose gedagtes uit te voer nie.

Ons het ‘n wonderlike Vader wat al hierdie dinge vir ons bewerkstellig het! Die hele mensdom was totaal verlore en verslaaf aan Satan se bose weë. Dit was totaal buite ons vermoë om onsself te help, verdoem tot ellende en totale verwoesting. Maar ons liefdevolle Hemelse Vader het geweier om boedel oor te gee. Hy het Sy Seun, Sy kosbaarste besitting, vir ons gegee. Jesus sal vir ewig deel wees van die menslike familie en een van ons. Dit is die offer wat die sentrale tema vir studie en meditasie sal wees vir die res van die ewigheid.

Namate jy dink oor hierdie dinge, hoe voel jy oor alles wat God vir jou gedoen het? Sy Gees dring jou om Hom in waarheid te aanvaar. Hy wil hê dat jy sal glo dat Hy jou baie liefhet en alles gegee het om jou terug te wen. Hierdie tipe liefde is net te wonderlik meeslepend vir my. Wat van jou?

## *8. Vergelyking van die Twee Koninkryke*

Voordat ons verder gaan, sal dit help as ons die twee afsonderlike en onderskeie koninkryke opsom wat huidiglik in die wêreld bestaan; God se ewige koninkryk en Satan se koninkryk wat beide aangebied was aan Adam en Eva in die Tuin van Eden. As ons vir ‘n oomblik dink aan wat ‘n koninkryk definieer, is daar drie eienskappe wat oorweeg moet word:

**REGERING**. ‘n Sisteem van hoe ‘n koninkryk regeer word, bv demokrasie of diktatorskap.

**GELDSTELSEL**. ‘n Waardesisteem waarvolgens die burgers van ‘n koninkryk hulle goedere kan ruil.

**BURGERSKAP.** Hoe om te bepaal dat iemand ‘n lid van die koninkryk word.

Ons kan die twee koninkryke kontrasteer op die volgende manier:

| | **God se Koninkryk** | **Satan/Wêreldse Koninkryk** |
|---|---|---|
| **Regering** | Familie | Sterkste |
| **Geldstelsel** | Liefde/Genade/Vrye Keuse | Krag/Bates/Mag/<br>Glo in self |
| **Burgerskap** | Kind van God | Werkverrigting en prestasie |

God se koninkryk is gebaseer op die familie sisteem. Die hoof van die regering is die Vader. Daar is ‘n intieme verhouding tussen die leier en sy burgers. In Satan se koninkryk gaan dit daarenteen oor wie die sterkste is. Wie die sterkste is, is dié wat regeer. Selfs in ‘n demokrasie, is dié wat die mees oortuigend is in die advertering van hulle ideologie, dié wat die magsleer klim.

God se koninkryk is gebasseerd op die sterkte van sy verhoudings. Liefde is die geldstelsel van die hemel. Die burgers is verseker van die liefde van hulle Vader en het geen behoefte om hulle waarde te bewys nie. Hulle kan mekaar se geselskap sonder pretensie geniet, sonder om verskuilde agendas te hê. Om God te leer ken is die hoogste vorm van geluk en ambisie,[27] en omdat die kennis, wysheid en karakter van God ondeurgrondelik is, sal hierdie gelukkige beroep nooit eindig nie. Sy burgers leer direk van Hom of deur die dinge wat Hy gemaak het. Om derhalwe van mekaar te leer en ook die natuur en heelal te bestudeer, maak ook ‘n gelukkige deel uit van hierdie koninkryk. Omdat almal erken dat alles van ons Vader kom, aanbid die hele skepping Hom met blye danksegging.[28]


In teenstelling hiermee, dryf Satan se koninkryk handel met bates. Waarde kom van wat ons bereik, dus is die akkumulasie van bates essensieel om waardevol te wees. Hierdie bates kan materialisties, verstandelik of verhoudingsgewys wees. Hoe groter die huis, hoe meer speelgoed jy besit, hoe meer invloed het jy. Hoe hoër die vlak van geleerdheid, hoe hoër die posisie van jou werk, hoe meer invloed het jy. Die mense met wie jy assosieer is baie belangrik want hulle kan meer waarde tot jou saak toevoeg. Satan se koninkryk glo dat mense krag in hulleself het; dus, om ander mense te besit, gee jou meer mag. Verhoudings met mense raak instrumente waarby ons nog meer baat kan vind.

[27] Fil 3:9,10
[28] Openbaring 14:6,7; Openbaring 4:1-9

Dit maak dit noodsaaklik om ander mense te beheer en daar is baie maniere om dit te doen. Die algemene is om vriendelik te wees. Verkoopsmense maak daarvan gebruik. Om groot dinge te doen imponeer mense om jou te volg en as jy faal, kan jy oorgaan tot afpersing en intimidasie om mense te beheer en hulle lojaliteit te verseker. Dit is hoekom daar vandag so baie ongelukkige verhoudings is. Mense span baie keer saam om hulle invloed en waarde te versterk.

Die ander kontras waarvan ons kennis neem, is dié van burgerskap. In God se koninkryk word jy gereken as ‘n burger bloot omdat jy ‘n kind van God is. Ongeag van die omstandighede of moeilikhede van die lewe, hierdie feit verander nooit. Jou burgerskap is veilig in jou verhouding tot God as jou Vader. In Satan se koninkryk word jy gereken as ‘n burger deur wat jy doen of nie doen nie. Beide prestasie en gemaksug verleen burgerskap solank jy gefokus is op prestasie en wat jy doen. In hierdie koninkryk word jy elke oggend wakker met die doel om te presteer en voel sodoende goed oor jouself. As mense jou verhinder om te presteer, raak jy frustreerd en kwaad. As jy aan die einde van die dag voel dat jy nie veel bereik het nie, voel jy betekenisloos en raak depressief of meer gedetermineerd. Die lewe is ‘n sirkel wat draai tussen trots en waardeloosheid. Wanneer jy presteer, maak dit jou trots, en wanneer jy faal, voel jy waardeloos. Die lewe tussen sukses en mislukking is óf volharding om te presteer, óf in teenstelling, die vrees dat jy gaan verloor wat jy bereik het. Dit is ‘n nimmereindigende sirkel tot jy doodgaan of oorskakel na God se koninkryk.


*Emosionele siklus van Satan se koninkryk*




Hierdie sirkel is eenvoudig die gevolg van die geloof dat ons krag uit onsself kom.  As ons selfaangedrewe is, is ons afhanklik van niemand en ontvang waarde van niemand.  Eie waarde vereis werk. Elke keer as ons suksesvol is, bekragtig ons onsself en wanneer ons misluk, voel ons meer en meer waardeloos.

Ek onthou die stryd in my hart toe ek aanbiedings begin doen het.  Ek het so geseënd gevoel as ek mense gelei het na Bybelwaarhede, maar as ek by die deur gestaan het om hulle te groet terwyl hulle uitbeweeg, het ek myself bevind om te wil weet dat hulle sê, dat ek goed gedoen het, dat ek myself so kon bekragtig.  Namate my preke verbeter het, het my hart meer aanvaarding gevra.  Ek het geweet dit is verkeerd om so te voel, en vir 'n tydperk, as mense sê dat ek het goed gepreek het, sou ek sê, "sê dankie aan God, nie aan my nie", maar ek het ongemaklik gevoel daarmee en partykeer het mense gevoel ek stoot hulle weg.  Wanneer ons erken dat alle goeie dinge van God kom, en dat ons waarde van Hom kom sonder enigiets wat ons doen, dan is ons vry om sukses te behaal of te faal, sonder die bekommernis van die gevoel van waardeloosheid en die nodigheid om bekragtig te word deur ander.

*Emosionele siklus in God se koninkryk*




Dit is belangrik om te onthou dat, terwyl kinders van God se koninkryk nie hulle waarde van prestasie kry nie, hulle wel presteer. In werklikheid besit hulle die kapasiteit om veel meer te bereik, want sou hulle faal, hoef hulle nie die vrees vir waardeloosheid in die gesig te staar nie. Hulle is steeds geliefd, steeds kinders van God, ongeag hulle sukses of mislukking. Die koninkryk van God offer jou die beste manier om jou volle potensiaal te bereik sonder om jou verhoudings aan flarde te skeur en jou waarde te vernietig.

Ons het kortliks die aard van die twee koninkryke uiteengesit. In die res van die boek gaan ons naspoor hoe hierdie twee koninkryke ontwikkel het binne die omvang van die mensdom se geskiedenis en die stryd om te lewe tussen die twee koninkryke. Beide koninkryke bied vryheid aan, en beide koninkryke beloof baie, maar watter koninkryk is die een wat jou vul met ‘n diep gevoel van betekenis en ‘n waarde wat onwrikbaar is?

## 9. *Die Hart van Babilon*

"Waar het ons verkeerd gegaan?" was die hartseer kreet van 'n pa wat geworstel het om die realiteit te verstaan wat hom nou in die gesig staar. "Ons het 'n gesonde familie verhouding gehad, en hy weet dat ons hom liefhet," het die pa desperaat probeer soek vir 'n verduideliking oor hoekom sy seun nou net aan dwelmsmokkelary, diefstal en moord skuldig bevind is.

Dié hartseer kreet was baie meer deur ouers geuiter as wat ons durf erken, ouers wat met die skaamte en foltering moes leef van 'n kind wat in 'n lewe van rebellie en boosheid verval het. Die oorsprong van hierdie hartseer kreet kan teruggespoor word tot ons eerste ouers en die tragedie van hulle eerste seun, Kain. Ouers kan hulle vereenselwig met die geluk wat Adam en Eva ervaar het toe hulle hulle eersteling, klein Kain, in hulle arms gehou het. Hulle kon die vrug van hulle liefde vashou en geniet. Toe Eva haar nuwe kosbare bondeltjie vertroetel het, het sy gesê, "Ek het 'n man verkry, die Here!"[29] Eva het geglo dat Kain die beloofde Saad sou wees soos genoem in Genesis 3:15, wat genesing en seën sou bring aan alle nasies. Helaas, as dit maar so sou wees, want die bittere ironie vir Eva was dat Kain se nageslag ellende, verwoesting en dood vir miljoene sou bring. Kain het die hoof van 'n klas van aanbidders geword wat hulle geestelike lewe op hulle eie terme sou lei. Hierdie groep mense maak die groter deel van die wêreld se populasie uit, 'n groep mense wat die Bybel later "*Babilon*" sou noem. In hierdie hoofstuk sal ons die dryfgees agter hierdie groep mense naspeur en hoe dit jou en my affekteer.

[29] Letterlike lees van Genesis 4:1

“Pappa, hoekom moet ons die arme onskuldige lammetjie doodmaak?” Dit was bestem deur God dat ‘n Lam geslag moes word om aan die menslike familie die realiteit van hulle natuurlik menslike gevoelens teenoor Christus en dus hulle behoefte om belydenis. Dit openbaar derhalwe die prys wat God gewillig was om te betaal sodat ons ons kondisie kan besef en deur die Gees wat ons dring, vergifnis vra. Wat ‘n ongelooflike geskenk was aangebied vir ons verlossing. Dit was ‘n ritueel wat direk vooruitgewys het na die leiding van Christus op die oomblik van die offer. Dit het ook vooruit gewys na hoop vir wanneer Christus na die aarde sou kom om die Vader te openbaar. Dit het ook teruggewys na die skande van wat die mensdom aan Christus gedoen het na die sondeval in Eden. Dit sou beide ‘n vertroostende gedagte wees aan die wonderlike genade van God, terwyl dit terselfdertyd ook ‘n pynlike herinnering aan die ondankbaarheid en selfsugtigheid van die mens is. Om aan hierdie diens deel te neem, sou altyd gepaardgaan met gemengde gevoelens. Om in die gesig van die onskuldige lam sy stille foltering te aanskou, sou die koste van selfsug en eie wil skerp na vore bring. Vir elkeen wat sou kyk na die ware Lam van God, sal hoop altyd gemeng wees met sielswroeging wat kom met die verstaan wat die mens se natuur doen aan Christus. Die natuurlike menslike reaksie is óf om die mens se oorsprong te herskryf deur te ontken dat enige sodanige val plaasgevind het in die eerste plek, óf om die vraag na die dood te plaas op God as iets wat Hy versoek het om Sy woede teenoor sonde tevrede te stel. In die meerderheid van gevalle word die kruis omskep van lig na duisternis, of geskilder as ‘n simbool van hoop, terwyl nog veel erger, in realiteit dit ‘n simbool van manipulasie skilder, wat omkering veroorsaak.

Kain het sy ouers baie jare dopgehou tydens die slag van die lam met trane van hartseer gepaardgaande met hoop en vertroue in die Saad wat sou kom. Hy het besluit dat hy nie meer die nodigheid van nederigheid en belydenis gesien het nie. Deur te fokus op die geslagte lam wat die mens se mislukking ontbloot, het Kain gekies om die liefde van God in die simbool van die geskenk van Sy Seun, te verwerp. Vir

Kain het die lam net sy eie onsekerheid ontbloot wat deel was van die geboortereg wat hy van sy pa ontvang het, wie dit van Satan ontvang het. Vir Kain het die lam slegs die feit dat hy nie aanvaar word deur God in sy eie reg nie, versinnebeeld, en dat Hy sy gedrag nie goedkeur nie. Natuurlik het Satan Kain aangemoedig om die vrymoedigheid te neem om die slag van die lam uit sy aanbidding te verwyder en so sy verhouding met God herdefinieer deur die nodigheid van belydenis te verwyder deur sy eie werke.

Die Bybel vertel ons dat Kain 'n offer van vrugte aan die Here gebring het.[30] Ons word ook vertel dat Kain as deel van sy werk, 'n boer was wat voedsel produseer het. Kain se offer was 'n simbool van sy pogings om God se respek te verdien deur die werke van sy hande. Hy het sy aanbiddingservaring verander van een van nederige geloof na een van trotse vertoon, van intieme vertrouensverhouding tot 'n kontraktuele paaibeleid. So 'n godsdiens ignoreer die feit dat ons geen bedingingsmag met God het nie, ons geen krag uit onsself het om op te rus nie en ontmoet ons Hom dus op ons eie terme. Kain het dit ongelukkig vergeet. Satan het hom vryheid belowe sou hy homself bevry van die oortuiging van sonde deur die lam, maar deur die lam te verwyder, het Kain se godsdiens verander van 'n geloofsverhouding met die ware God na 'n prestasie-gebaseerde stel rituele met 'n god wat hy self versin het. Met hierdie geloofsverskuiwing, het Kain die gif van die Duracell boom geneem; hy het 'n vlug met die skermsweef geneem, en terwyl hy aanvanklik die opwindende gevoel van vryheid ervaar het, was dit net 'n kwessie van tyd voor die skermsweef neergestort het.

In Hoofstuk 5 het ons gekyk na die emosionele letsels wat ontstaan met die verbreking van familie verhoudings. Hier volg 'n opsomming:

- 'n konstante soeke na aanvaarding

[30] Genesis 4:3

- Oordeel hulleself te streng
- Oorreageer op ‘n situasie waaroor hulle geen beheer het nie, i.e. hulle wil gewoonlik altyd in beheer wees
- Het probleme met verhoudings[31]

Toe Kain wegbeweeg het van God se vasgestelde plan om hom te red, het hy verwyderd geraak van Hom; sy familie verhoudings was heeltemal verbreek. Hierdie verwydering het die vuur van sy onsekerheid aangeblaas; die Gees van God kon nie langer sy vrese kalmeer of help om Satan se leuens te weerlê nie. Die leegheid het net vermeerder, en die gevoel van skaamte vermenigvuldig. Soos Satan, sou Kain tevergeefs daarteen stry om die gevoel van sy gebroke verhouding met God te vervang. Hoe hard hy ookal probeer het, hy sou nooit kon wegkom van die diep gevoel van leegheid totdat hy emosioneel na Sy koninkryk en Sy plan sou terugkeer nie.

Kain se onstuimige emosies sou spoedig tot ‘n uitbarsting kom. Dit het tydens die bepaalde tyd van die offer gebeur toe Kain en sy broer Abel voor God in aanbidding sou kom. God het Abel se offer van ‘n lam aanvaar deur dit met vuur te verdelg, maar het Kain se offer onaangeraak gelaat. Dit was al wat nodig was om Kain se woedebui te laat ontvlam. Sonde het ‘n manier om uiters onlogies te reageer. Hy het nie God se instruksies nagevolg nie en is toe baie ontsteld toe dit nie vir hom uitgewerk het nie.

Verbeel jou jy gaan winkel toe om die bestanddele te kry om ‘n brood te bak. Jy vra die winkeleienaar hoe jy dit moet doen, hy gee jou die bestanddele en jy neem dit huis toe. Alles gaan goed totdat jy aan die gis ruik, en besluit dat die brood lekkerder daarsonder sal wees. Jy plaas dit in die oond en ‘n rukkie daarna verskyn ‘n baie plat broodjie. Sal dit

[31] Conway, 31

enige sin maak as jy in ‘n woedebui teruggaan na die winkeleienaar en hom beledig omdat jy gefaal het met die maak van jou brood? Onwaarskynlik! Maar dit is presies wat Kain met God gedoen het.

Kain is baie naby aan die punt waar hy nie kon terugkeer nie. Toe hy die koninkryk van Satan gekies het, waar sy waarde bepaal word deur sy eie pogings en prestasie, het sy vermoë om gelei en reggehelp te word, drasties verminder. Kain het geweet hy doen die verkeerde ding, maar die menslike brein word maklik mislei en pleks daarvan dat hy homself nederig onderwerp aan God, het hy kwaad geraak. God het hom sagkens korrigeer deur hom terug te wys na die beloofde geskenk van Sy Seun, maar Kain het nie die waarskuwing geag nie. Sy gevoelens van rebellie het gegroei, en die koninkryk van duisternis het byna sy mees suksesvolle menslike eksperiment voltooi.

Kain se hart was teen hierdie tyd volkome gedomineer deur die emosionele magte wat deur Satan vrygelaat is in die hemel. Hy het God se aanvaarding gesoek, maar op sy eie terme. Sy gevoel van waardeloosheid het ‘n breekpunt bereik. Hy het gehunker na die goedkeuring van hoër gesag om sy verlange na aanvaarding en waarde te bevredig, terwyl hy terselfdertyd die feit ignoreer dat hy alles aan daardie Hoër gesag verskuldig is en nederig dankbaar moet wees vir Sy liefdevolle voorsiening deur die lam. Dit was nie ‘n gesonde posisie waarin hy hom bevind het nie. Nog steeds smeulende omdat hy in die publiek voor Abel verneder is, het hy met hom begin argumenteer. Abel het ‘n beroep op Kain gedoen oor sy metode van aanbidding en hom aangemoedig om terug te keer na die plan van God. Dit was al wat Kain nodig gehad het. Iets binne-in hom het geknak. Sy gevoel van waardeloosheid het hom gedryf tot op ‘n punt waar hy net nie meer omgegee het nie, en toe die oomblik aanbreek, het Satan vrye toegang verkry om oor te neem. Satan vul Kain se hart met intense haat teenoor sy broer, familie verhoudings is vergete, en die koninkryk van Satan word nou ten volle gemanifesteer. Die ganse hemel het toegekyk toe die eerste

moord plaasvind, die eerste uitwissing van ‘n heilige en kosbare verhouding. Dit is die gevolg van die verbreking van God se wet. Die hemel het asem opgehou en selfs Satan en sy engele moes ‘n oomblik van gevoelloosheid ervaar het toe die lewelose vorm van Abel die grond rooi gekleur het met sy bloed.

Satan het die afskuwelikheid van die gebeurtenis afgeskud en om van sy slaaf seker te maak, het hy die gevoel van skuld so diep in sy wese ingedryf dat Kain nooit sou kon glo dat God hom sal vergewe nie. Die kranksinnigheid van Satan lê daarin dat hy ons vryheid en geluk belowe deur hom te volg in die loop van sy rebellie. Wanneer ons oortree, is dit sy stem wat luidkeels van God vereis om ons te vernietig. Terselfdertyd is dit sy stem wat tot ons siel fluister dat ons te boos is om ooit weer deur God aanvaar te word. Dit is sy stem wat ons deurlopend skuldig verklaar, tot ons op die punt gedryf word waar ons liewer wil sterf. Hoe hartseer dat so ‘n pragtige engel getransformeer sou word tot so ‘n veragtelike verwoester.

Noudat Kain die punt bereik het waar hy nie kon terugkeer nie, het hy geen verdediging vir sy siel gehad nie, en Satan het hom gedryf om te verklaar, “My oortreding is groter as wat vergewe kan word”[32] Hierdie is seker die hartseerste woorde denkbaar. God het na Kain toe gekom, nie om hom af te sny nie, maar om hom terug te bring. Hy het nie vir Kain gevra waar sy broer is as ‘n beskuldiging nie, maar om hom ‘n geleentheid te gee om hom te bekeer en terug te keer na God. Kain het ongelukkig die droewige woorde geuiter, “My oortreding is groter as wat vergewe kan word.” Hy het die leuen van Satan geglo bo die woord van God. Hy het nou gemaai wat hy gesaai het.

God het ‘n vloek in hoofstuk 4 vers 11 aangekondig. In die laaste deel van die vloek, het God Kain meegedeel dat hy ‘n

[32] Genesis 4:13 – Kantlyn inskrywing

voortvlugtige en swerwer sal wees. Hierdie woorde praat van iemand wat bewe en wankel; ‘n man wat geen hoop en geen toekoms het nie. Hierdie vloek was nie deur God toegepas deur die swaai van ‘n hemelse towerstaf nie, maar die vloek was inherent in die verwerping van God se familie koninkryk, en van intieme verhoudings. Sy siel was gemartel want hy was geskape om intiem te wees, maar sy hart het ‘n ander pad gekies – altyd op soek na liefde, tog besig om almal af te stoot naby aan hom. Altyd op soek na nabyheid, maar nooit in staat om mense naby die geheimenisse van sy hart toe te laat nie, want dit is waar die kern van sy waardeloosheid gelê het. Hy het gesoek na vriende, maar was altyd op sy hoede vir ‘n mededinger om sy vaardigheid te troef. Soos vroeër gesê, “Daar is geen rus vir die goddelose.”

Die Bybel sê vir ons dat Kain weggegaan het van die aangesig van die Here.[33] Hy het geweet sy bestaan was nou afgesny van God. Omdat hy geglo het dat sy sonde hom van God verwyder het, het hy daadwerklik God van homself verwyder. Nou het hy met ‘n groter soeke en behoefte na aanvaarding en waarde, begin om ‘n stad te bou. Hy sou mense om homself versamel en hulle leier wees. Hy sou sy waarde verkry deur groot strukture op te rig. Om homself te omring met al die werke van sy hande kon hy, sover as moontlik, sy gewete sus om die bewyse van God se werke te blokkeer. Daar sou geen tyd wees om hom te bekommer oor die toestand van sy siel nie.

So het Kain die kanaal geword vir die vestiging van Satan se koninkryk op hierdie aarde. Deur hom het ‘n ras ontwikkel wat al die tekens van onsekerheid en waardeloosheid getoon het. Hulle het gestreef na mag en posisie en het ‘n beherende gees ontwikkel wat jaloers was op enige mededinger, in ‘n oneindige gejaag na ‘n identiteit weg van die God wat hemel en aarde gemaak het. Solank as wat Satan die mens hulle waarde in hulleself laat soek eerder as in die arms van ‘n

[33] Genesis 4:16

liefdevolle Vader wat gegrond is op verhoudings, kon hy hulle beheer, en so het hy dit gedoen. Deur die eeue heen het Satan ‘n sekere klas mens onder sy heerskappy gehou wat hulle waardelose, onsekere siele verbind het aan homself en so gepoog om die wêreld te beheer.

Ons het die hart van Babilon studeer, ‘n verdraaide soeke na identiteit en waarde deur wat jy doen, om aanvaarding te soek deur jou prestasies, en om te poog om omstandighede so te manipuleer dat dit nie bedreig kan word nie. In die volgende hoofstuk gaan ons die ontwikkeling van hierdie hart volg soos uitgeleef deur die mens se geskiedenis.

# DEEL 2 : Een Bestemming – Identiteit Teruggeeïs

## 10. Die breek van die Kettings van Duracell

Daar was ‘n lang stilte terwyl hulle mekaar omhels. Hulle emosies is intens, maar albei weet dat die tyd aangebreek het. Deur die eons van die ewigheid, was Vader en Seun altyd in noue gemeenskap met mekaar en sou daardie gemeenskap binnekort verbreek word. Die Seun van God sou nou sy missie begin om Sy menslike seuns en dogters terug te eis. Beide Vader en Seun het die koste beraam en die risiko’s verstaan, maar liefde het hulle gedryf.

Vir ‘n vlietende oomblik het Vader en Seun met profetiese oë in die toekoms gekyk hoe sy missie ontvou. Die veragting, die verwerping, die haat, die gespoeg, die geskop, die sweep en die spykers, alles verdof na niks in vergelyking met daardie een verskriklike oomblik in tyd wanneer hemel en aarde sal stilstaan en die skeiding tussen Vader en Seun sal aanskou. Die Seun sien duisende jare van skuld, lyding, rebellie en waardeloosheid op hom afrol en sien Homself soos ‘n riet bewe, verskeurd deur die wete van Sy Vader se aangesig wat vir Hom verberg was as gevolg van sonde. Die Vader is by Sy Seun in die donkerte, maar vir die Seun dra Hy self ons gevoel van verlatenheid vir die verskrikking van die dood.[34]

Die omhelsing het verinnig – hoe kon die Vader Hom oorgee aan hierdie lot? Op ‘n dieper vlak het albei geworstel met die

[34] Hebreers 2:9

moontlikheid van mislukking en verlies oor die mag van sonde. Die Seun van God sou die menslike natuur op Homself neem en vir Satan, Sy aartsvyand, die geleentheid gee om Hom te oorweldig. Sukses was nie gewaarborg nie. Hoe kon hulle hierdie gevaarlike risiko aanpak? Hoe kon hulle eers daaraan dink? Tog het goddelike liefde hulle aangedryf.

Die lang ruspose wat soos ‘n ewigheid gevoel het, het uiteindelik geëindig; hulle het albei besluit om die plan deur te voer. Die Seun het tot by die rand van die hemel gestap en vir oulaas na die gesig van Sy liefdevolle Vader gekyk en toe was Hy weg.

In Hoofstuk 6 het ons na die lang en uitdagende lys gekyk waarmee God moes werk as Hy die seuns en dogters van hierdie aarde wou red. In Hoofstuk 9 het ons die ontwikkeling van Satan se koninkryk gesien in die hart van die mens en hoe Satan ons regeer deur ons sin van waardeloosheid. Dis hierdie sin van waardeloosheid wat Jesus moes verbreek. Hy moes ons identiteit as kinders van God herverbind en die false identiteit wat gebore was in die Duracell boom, oorkom.

‘n Beklemmende gevoel van onheil moes die hart van Satan vasgegryp het toe hy gekyk het hoe die engele die lied van vreugde aan die herders sing van die Messias wat gekom het. Die helder ster wat die wyse manne gelei het na die nederige stal, sou geen bydrae tot sy troos wees nie. Jy kan jouself indink toe hy na hierdie adelike baba afgekyk het, hy moes besef het dat daar vir hom ‘n groot stryd voorgelê het. Dit was nie vir hom moontlik om die rustige kalmte te verbreek wat oor die kind gerus het nie, iets wat hy nog altyd reggekry het met elke ander baba. Dit was ‘n raaisel. Die kind was van vlees en bloed, maar daar het ‘n rustigheid op hom gerus wat Satan nie in staat was om te verbreek nie. Hy het besef dat hy in die moeilikheid was.

In Herodus se hart was hierdie onrustige gees gevestig en word ons ‘n kykie gegee in die onrus van die donker geesteswêreld. Die gees van onsekerheid wat oor Herodus geheers het, het hom ‘n maklike teiken gemaak vir Satan se “skok en vrees” veldtog teen die koninkryk van die hemel. Hy sou Hom vernietig nog voor die stryd begin. Maar die rustige selfvertroue van die baba Koning was nie misplaasd nie. Voorsienigheid het ‘n weg van ontsnapping vir Hom voorsien, sodat Hy in stryd kon gaan met die heerser oor duisternis en in menslike natuur sy kettings van onsekerheid kon verbreek wat die verdoemde menseras verslaaf het.

Die lewe van Jesus kon opgesom word as volg:

> En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is. Johannes 8:29

Dit maak nie saak hoe hard Satan probeer het nie, maar hy kon die gevoel van waardigheid en vertroue nie verbreek nie. Jesus het so onversetlik vasgehou aan Sy Seunskap dat selfs die prins van duisternis ontsag daarvoor gehad het. Satan moes woedend geraak het oor sy vergeefse pogings om Christus te laat sondig. Eindelik was daar Iemand wat Satan kon weerstaan. Na vierduisend jaar van sukses met elke persoon op hierdie aarde, het Satan in die rotsvaste muur van die siel van ‘n mens gekap wie volkome vertroue in Sy Seunskap met Sy Vader gehad het. Seunskap was die sleutel tot oorwinning; Seunskap was die onfeilbare vesting teen die golf van waardeloosheid wat die mensdom verdrink het, en daarom moet Seunskap die fokuspunt wees van die konflik tussen Christus en Sy aanvaller.

Die dorpie van Nasaret is polsend van opgewondenheid. Nuus oor die Doper het baie vinnig versprei. Die voorloper vir die Messias het gekom, en toe die nuus die nederige skrynwerkerswinkel bereik, het Jesus geweet dat die tyd om Sy Vader te verheerlik, aangebreek het. Hy het Sy beitel en saag neergesit, Sy moeder omhels en vertrek na die Jordaan.

Jesus is versekerd van sy Seunskap, maar die komende konflik in die woestyn sal Hom toets soos geen man nog ooit getoets was nie. Die hekke van menslike ellende sou op Hom oopgemaak word soos 'n damwal wat breek. Jesus sou die volle impak van menslike waardeloosheid in die gesig staar en standvastig en versekerd wees in sy Seunskap. As hy standvastig kon bly, sou daar vir die eerste keer iemand wees wat die kettings van die Duracell sou breek. Die voordeel van hierdie oorwinning sou die erfenis word vir dié wat in Hom glo.

Die stryd in die wildernis sou die fondament wees tot die werk van die kruis. Tot watter nut is die offer van vergifnis as die mens se siel nie die kettings van sy waardeloosheid kon verbreek nie? Tot watter voordeel is die mooiste demonstrasie van liefde as geen man, vrou of kind oor die mag beskik om die geskenk te aanvaar nie – geen! Die waardeloosheid en nutteloosheid van die Duracell moes eers oorkom word, en die voordeel van die oorwinning in die hande van die mens geplaas word, sodat almal bemagtig kan word om die weergalose geskenk van die kruis te aanvaar en waarlik te glo dat God hulle liefhet en vergewe het.

Die Vader weet wat voorlê en Hy sal die hand van Sy Seun versterk vir die stryd, nie deur magtige vertoon nie, nie deur die gebruik van 'n weermag van wapens nie. Die vyand sou nie só ontmoet kon word nie. Die Vader sou Sy Seun bemagtig met die beste wapen tot Sy beskikking – hulle verhouding. Toe Jesus uit die water opkom met die duif wat neerdaal en die hemele wat oopmaak, het Jesus die hoorbare stem van Sy Vader gehoor, "**Dit is My geliefde Seun in wie ek 'n welbehae het**." Hierdie woorde is die skerpste swaard wat die Vader aan Sy Seun kon gee vir oorlogvoering. Veilig in die WOORD van Sy Vader, sou Hy die uitgeslape vyand beveg en die boeie van sonde namens ons verbreek wat ons nooit self sou kon doen nie.

Die betekenis van hierdie stelling strek baie dieper as wat ooglopend mag voorkom. Die feit dat God 'n persoon van die

menseras aanvaar, bied ongelooflike hoop vir die res van ons. Deur Jesus, reik God uit na elkeen van ons en vertel ons dat ons Sy geliefde kinders is. As ons ooit sou hoop om die geskenk van die kruis te aanvaar, moet ons eers die kosbare woorde hoor, "Jy is my geliefde kind in wie Ek 'n welbehae het." Dit is onmoontlik om 'n geskenk van 'n vyand te aanvaar sonder om te wonder of dit 'n lokval is en of daar enige bybedoeling is, maar 'n geskenk van 'n liefdevolle familielid kan aanvaar word vir wat dit is – 'n geskenk, eenvoudig. Daar is geen manier om die kruis te nader anders as oor die brug van 'n vaste geloof in ons seun- of dogterskap van God. Enige ander pad sal lei na wettisisme of 'n lisensie om te sondig.

Hierdie woorde vanuit die hemel moes Satan woedend gemaak het. 'n Herinnering aan die seun wat hy nie meer was nie. Dit het hom ook herinner aan hoe waardeloos en nutteloos hy nou is. Trots sterf nogtans nie so maklik nie, en Satan het homself begin voorberei om die spervuur van versoekings op Jesus los te laat in die woestyn.

Die Bybelrekord sê Jesus "was veertig dae lank in die woestyn versoek deur Satan."[35] Ek dink meeste mense sou tien minute van versoeking oorweldigend vind – wat nog van veertig dae! Satan het vierduisend jaar se ervaring gehad, en jy kan verseker wees dat Jesus die merk was van elke wapen uit die hel. Wie kan die diepte van hierdie konflik verstaan? Die hele heelal het hulle kollektiewe asem opgehou terwyl Satan hou vir hou op die Seun van God gelê het. En ons was vas aan die slaap, onbewus van die heldhaftige posisie wat Jesus ingeneem het om ons vry te maak. As Jesus hier gefaal het, sou ons almal vergruis gewees het deur die kettings van ons nietigheid. Jesus was ons enigste hoop om die duisternis te verbreek.

[35] Markus 1:13

Dis op hierdie punt waar ek net vir 'n oomblik wil stilstaan om oor Hom te mediteer. Wat kan ek anders sê as dat my hart oorstelp is van vreugde oor die onwankelbare, onverbiddelike pogings van hierdie magtige Prins om ons te help in ons benarde situasie. Dit is soos 'n vader of moeder wat deur 'n brandende huis sal hardloop om sy kind te gaan haal. Hy was amper geestelik vergruis deur Satan, maar Hy het nie Sy Seunskap opgegee nie. Hierdie Man veroorsaak dat iets diep binne my wil uitroep – "ek moet iets werd wees". Hy sou nie hierdie deurgemaak het as Hy nie werklik omgegee het nie! Hierdie liefde trek my op 'n manier wat vir my onweerstaanbaar is. Desnieteenstaande die feit dat ek Hom weerstaan, dank God, Hy is meer vasberade as ek!

Toe Jesus op sy mees kwesbaarste was; moeg, honger en alleen, dit wat die mensdom gewoonlik dryf na kompromie, kom Satan by die kern van die strydpunt. "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word."[36] Oor wat anders sou die toets gaan as oor Sy Seunskap? Jesus was nie ingelig dat Hy veertig dae in die woestyn sou deurbring nie, die rekord dui nie aan dat Hy ingelig was dat dit alles verby sou wees binne veertig dae nie. Hy was steeds in die woestyn en geen kraaie het Hom kom voed nie, geen manna uit die hemel. Miskien het Hy die stem uit die hemel verkeerd verstaan? "Jou Vader sou nie wou hê dat jy in hierdie toestand moet bly nie. Doen iets daaromtrent," het Satan gefluister.

Satan het die medium van aptyt gebruik om Jesus se geloof in Sy Vader se woord te verbreek. Veertig dae vroeër het Sy Vader gesê: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." As Jesus klippe in brood sou verander, sou Hy die woord van Sy Vader betwyfel, en daardie twyfel sou genoeg wees om Sy identiteit te verwar. Jesus is tegerlykertyd ook gevra om iets te doen om sy identiteit te bewys. Om Jesus te vra om klippe in brood te verander as bewys van wie Hy is,

[36] Mattheus 4:3

was ‘n direkte deur na die koninkryk van Satan – identiteit deur werkverrigting en prestasie.

Hoeveel van ons was nog nie in die lokval gelei om ons waarde te bewys deur ons prestasie nie? Ons offer ons tyd op kantoor, slaap, ontspanning met ons familie en die belangrikste van alles gebedstyd en Bybelstudie op, omdat die druk altyddeur daar is om die hoogste posisie te bereik. Die vraag is hoekom ons onsself so dryf? In baie gevalle, glo ek, is dit ons reaksie op die uitdaging, “As jy ‘n seun of dogter van God is, verrig ‘n groot daad om dit te bewys.”

Is dit jou begeerte om vroegoggend tyd te spandeer saam met God, maar jy raak ingedagte met alles wat voorlê vir jou dag dat jy net nie daarby uitkom nie, en moet jy uiteindelik ‘n kompromie aangaan met ‘n vyf minute gebed voor jou besige dag begin? Gebeur dit met jou? Hoekom? As jy aan die einde van die dag vind dat jy nie veel vermag het nie, is jy tevrede en gelukkig of voel jy teleurgesteld en terneergedruk? Raak jy ongeduldig omdat jy tyd mors as jy siek is in die bed, terwyl jy dinge op jou “doen” lysie kon afgemerk het. Alles bewyse dat ons almal, sonder uitsondering, glo aan Satan se leuen dat ons identiteit en waarde bewys word deur wat ons doen.

As gevolg van die feit dat die onsekerheidsfaktor in ons diepste wese gevestig is, oorgedra deur Adam en Eva, word ons maklike teikens gemaak vir die nodigheid om geestelike en verstandelike vyeblare te skep om onsself te klee. ‘n Persoon wat geen selfvertroue het nie, sal altyd reageer as sy identiteit uitgedaag word, terwyl ‘n persoon wat veilig voel, nie die nodigheid vind om te reageer nie. Dit herinner my aan ‘n tyd toe ek saam met my vriend en sy Rottweiler gaan stap het. Ons het verby ‘n buurman gestap met ‘n heelwat kleiner hond. Die klein hondjie het geblaf en gehap en rondom die Rottweiler gehardloop om sy aandag te kry. Die Rottweiler het nie eers sy kop gedraai om te kyk na die hondjie nie. Dit het vir my gevoel of die klein hondjie sê, “Komaan, Mnr die Rottweiler, ek sal aan my eienaar bewys dat ek ‘n groot hond

soos jy kan aanvat,” maar die Rottweiler was versekerd in wie hy was en het nie eers reageer op die uitdaging nie. Sou dit enigsins bygedra het tot sy waarde?

Dit is presies om hierdie rede dat Jesus die wildernis van versoeking moes ingaan. Die mensdom het ‘n persoon nodig gehad wie kon demonstreer dat Hy glo dat hy ‘n kind van God is, eenvoudig omdat God so gesê het, en nie omdat Hy iets moes doen om dit te bewys nie. Die wêreld het ‘n Dawid nodig gehad om die skynbaar onvernietigbare Goliat van waardeloosheid wat ons gebonde hou aan ons sonde en slawe maak van die duiwel. Die storie van Christus se versoeking in die wildernis het inderdaad baie ooreenkomste met die verhaal van Dawid en Goliat:

1. Satan, as ‘n geestelike skepsel, het ‘n baie groter voorsprong oor Jesus gehad wat beklee was met die menslike natuur. 1 Samuel 17:33
2. Jesus het die hele mensdom verteenwoordig, en oorwinning vir Christus het vryheid vir ons beteken, net soos Satan al die magte van die bose verteenwoordig het, en oorwinning vir hom het beteken dat ons vir altyd slawe van die kragte van die duisternis sou bly. 1 Samuel 17:9
3. Jesus was 40 dae in die wildernis terwyl Hy die beledigings en versoekings van Satan in die gesig moes staar, net soos Goliat Israel vir 40 dae beledig het. 1 Samuel 17:16
4. Satan/Goliat het in sy eie krag gekom, maar Jesus/Dawid het in die naam van God gekom om Sy Vader te openbaar en dié een te vernietig wat die weermag van die lewende God uitgedaag het. 1 Samuel 17:45
5. Die wapens wat Jesus gebruik het, het swak gelyk teenoor wêreldse standaarde – Hy het geglo in die woorde van Sy Vader, en Hy het dit effektief gebruik om die gees van Satan te bloot te stel.

Die ooreenkomste is merkwaardig, en ek kan nie help om myself te plaas in die skoene van een van Israel se soldate wat by die heuwel gestaan en luister het na Goliat wat my God beledig, my godsdiens en myself, persoonlik. "Waar is julle God"? "Hoekom veg julle nie teen my as Hy so sterk is nie"? "Julle is swak en nutteloos en 'n skande vir julle God". Om vir 40 dae na hierdie skeldtaal te moet luister, sou mens neerslagtig maak. Hy is so reusagtig groot! Sy wapens het geskitter in die sonlig as sy monsteragtige stem beledigings uitskreeu oor die vallei. Die situasie het wanhopig gevoel, en 'n sinkende gevoel van oorgawe tot slawerny gebring. Is dit enigsins anders vandag?

Ons word gekoggel deur Satan oor ons onbevoegdhede en swakhede. Sy versoekings is so sterk en oorweldigend, dat ons bly swig daarvoor, en kry ons die sinkende gevoel van oorgawe tot slawerny. Daar is tot dié wat preek dat ons nooit van slawerny bevry sal word nie en dat ons altyd die knie sal buig voor sonde. Wat 'n droewige oorgawe aan die slawerny van sonde. Die Seun van Dawid is in ons kamp, en Hy het ons vrygemaak van die kettings van die duiwel. Sy oorwinning in die wildernis van versoeking is oorwinning vir die hele mensdom. Die keuse is joune om jou Goliat self te trotseer, of om in verwondering na die heuwel te kyk en te glo dat Jesus jou van die bron van jou versoeking afgeskei het. As jy glo dat jy *alreeds die oorwinning het* as gevolg van Jesus, eerder as om te hoop dat Hy jou sal bevry, het jy die kern van jou geloof ontvang.

Ek is so oneindig dankbaar dat die Seun van Dawid my bevry het van die mag van waardeloosheid. Hy het die hart van my rebellie en trots verwyder. Hy het my voete op die vaste rots geplaas om geïdentifiseer te word as 'n kind van God. Hy het alle twyfel persoonlik in die gesig gestaar en deur geloof in Sy Vader se Woord oorwin. Sing en juig saam met my, o seuns en dogters van God! Jesus het die kettings van die Duracell verbreek en ons aangenome gemaak in die Geliefde.

## *11. Oopmaak van die Hemelse Hekke*

‘n Klein strepie lig breek deur die donkerte om ‘n nuwe dag aan te kondig. Die tyd het ook aangebreek vir die taak wat voorlê. Sy pols versnel, sy asem raak korter terwyl voorbereidings gemaak word vir die reis. Soos hulle uitry in die oggendskemering, is Abraham se gedagtes ‘n stortvloed van herinnering. Hy onthou hoe hy Isak vir die eerste keer vasgehou het en hoe ontsaglik gelukkig hy was na die lang wag van sy koms. Herinneringe aan klein Isak toe hy in sy pappa se bed ingespring en snoesig langs hom gelê en aandagtig geluister het na die verhale van Adam en Eva, Noag en vele meer, hang soos loodblokke op sy skouers as hy die taak voor hom bepeins, soos God gesê het:

> Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys. Genesis 22:2

God het gepraat en Abraham het al sy moed bymekaar geskraap en die opdrag gehoorsaam. Daar was geen rede of verduideliking gegee nie, net die opdrag. Oor die jare wat Abraham met God gewandel het, het hy geleer om nie weerstand te bied wanneer hy ‘n opdrag ontvang nie. Deur geloof geoefen, het hy geweet dat Gods weg die beste was. Maar die pad was moeilik, ondenkbaar moeilik!

Wie kon die stryd wat in Abraham se hart gewoed het, verstaan? Hy sou veel eerder kies om self geoffer te word as om sy seun te offer. Daar is niks wat hy nie sou doen om sy seun te red van hierdie lot nie. Abraham het hard asem gehaal en was in ‘n stryd om sy pyn vir Isak weg te steek. Hierdie is ‘n nagmerrie wat vinnig sal moet verbygaan. Die realiteit keer terug wanneer Isak vra, “Vader, ons het die hout en die

vuur, maar waar is die offer?" 'n Pyl tref die hart van Abraham. Hoe sal hy hom antwoord? 'n Vinnige gebed het na God opgegaan vir wysheid en Abraham antwoord, "God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun."[37]

Op die kruin van die berg het Abraham met 'n swaar hart aan Isak openbaar hoe hy God se opdrag verstaan het. Isak was 'n jong man en hy kon maklik sy vader oorrompel en weggehardloop het, maar hy het die dissipline van gehoorsaamheid geleer en het sy eie begeertes neergelê vir die wysheid van sy vader. Die ganse hemel het toegekyk hoe Abraham sy seun voorberei, sy kosbaarste besitting, vir daardie finale oomblik. Menslike redelikheid het nou 'n vloedgolf van argumente teen geloof gebombardeer, maar Abraham het soos 'n hoë seder in 'n sikloniese wind gestaan, geboë, maar nie geswig van sy voorneme om uit te voer wat hy verstaan het hy moet doen nie.[38]

Alles is gereed en Abraham kyk af na sy seun. Die pyn skeur deur sy hart en sy kragte begin faal, maar hy staan vas. Hy stuur 'n gebed na bo en spits sy aandag op die mes, wat sy kosbare seun se lewe sou beëindig.

Op daardie oomblik het 'n stem gesê: "Abraham! Moenie jou hande op jou kind lê nie, want nou weet Ek dat jy God vrees."

Ek vind dit moeilik om my die trauma voor te stel waardeur Abraham moes gegaan het. Ek kon die verhaal nie emosioneel voltooi nie.

Om die afgryse van die kruis en Jesus se offer te begryp, moet ons die verhouding tussen Vader en Seun beter verstaan.

[37] Genesis 22:7-8

[38] Verwys na *Agape* Hoofstuk 24 –Abraham and the abomination that desolates at fatheroflove.info

Hulle koninkryk en die kern van Hulle benadering tot lewe, is geopenbaar in die liefde wat Hulle vir mekaar het. As ons nie hierdie verhoudingsdimensie toevoeg tot die kruis nie, het ons die punt gemis.

> "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê." Johannes 3:16

Die verbreking van 'n kosbare verhouding is seker een van die hartseerste gebeurtenisse. Die gedagte dat ons geskei kan word van dié wat ons liefhet, is 'n vrees wat ons almal het. Wanneer ek weens verpligtinge nie by my familie kan wees nie, verlang ek om by hulle te wees. Daar is niks in hierdie wêreld wat ek sal verruil vir my familie nie. Selfs die gedagte daaraan maak my siek, en tog, wanneer ons na die hart van God kyk, soos geopenbaar in Sy Woord, sien ons dat God die Vader en Sy Seun gewillig was om van mekaar te skei, sodat ons deur die hemelpoorte kan ingaan om herenig te word met ons Skepper en Sy Seun.

Daar is mense wat redeneer dat Jesus geweet het dat Hy weer sou opstaan om herenig te word met Sy Vader en dit derhalwe nie so erg was nie. As jy met hierdie gedagtes speel, stel ek voor jy vra vir Jesus hoe Hy gevoel het toe hy uitgeroep het "My God, My God, waarom het u My verlaat?" Toe die skuld van 'n rebelse wêreld op Hom gerus het, en Sy Vader se liefde versluier was deur die mens se ongeloof in God se vergifnis van ons sonde, het Jesus in die donkerte gesoek om die geliefde gesig te vind wat deur die ewigheid altyd Sy vreugde was, maar sonde het Sy Vader se gesig verberg en het Hy volkome van Hom verwyderd gevoel. Sy hoop was verslind, die dood het op Hom gewag; Hy het gevoel dat Hy vir altyd afgesny sou wees van die Een vir wie Hy lief is en daarom het Hy uitgeroep: "My God, my God, waarom het u my verlaat!" Dink hieroor vir 'n oomblik; dit is vreeswekkend.

God het nie Sy Seun versaak nie, maar die las van ons sonde op Jesus het veroorsaak dat Hy voel wat sondaars as gevolg van hulle skuldlas voel. In Hoofstuk 9 het ons gelees van Kain wat uitgeroep het, "My skuld is groter as wat vergewe kan word." Christus het dit op die kruis vir ons gedra. Ons sonde veroorsaak dat ons voel dat God teen ons is en eintlik begeer om ons te vernietig as gevolg van ons sonde, maar Hy het Sy liefde teenoor ons aanbeveel en toegelaat dat Sy Seun deur hierdie ervaring gaan vir ons sodat ons kan glo dat ons vergewe kan word.

Na alles is die vraag wat gesmeek om gevra te word, hoe ernstig is God om die skanse af te breek tussen Homself en ons. As ons kyk na die verhaal van Abraham en Isak, sien ons 'n prentjie van God en Sy Seun. Dit is natuurlik vir ons, saam met Abraham, om te dink dat God wou hê dat Abraham sy seun moes doodmaak. God het Abraham beveel om sy seun op te offer, en Abraham het dit verstaan dat hy hom moes doodmaak omdat dit die menslike refleksie is vir die regverdiging van sonde. Die feit dat God hom gestop het, is 'n bewys dat dit nie Sy begeerte was nie, tog het Abraham in die proses 'n geloof openbaar wat gewillig was om al sy gekoesterde hoop aan God oor te gee. Toe God 'n ram aan Abraham voorsien het as 'n plaasvervanger, het Hy 'n plaasvervanger voorsien vir die persepsie van geregtigheid vir die mens. God het toegelaat dat Sy Seun van Hom geskei word sodat ons mag glo dat ons sondes vergewe is.

Tydens die aardbewing en donkerte van daardie aaklige dag toe die grootste liefde wat ooit bestaan het, afgesny was as gevolg van ons sondes, hoor ek die Vader roep, "My Seun, My Seun, hoe kan Ek jou opgee? Hoe kan ek jou laat gaan?" Dit is op hierdie oomblik dat ons met die betekenis van die hel te doen kry. Beide Vader en Seun het die hel ervaar toe hulle verhouding om ons onthalwe afgesny was. Hulle het die prys betaal wat ons verstaan het betaal mos word. Wat is die betekenis van die hel anders as die teenoorgestelde van wat God se koninkryk voorstaan – 'n liefdevolle, intieme

verhouding?

So, wat beteken dit vir ons? Dit beteken dat die Seun van God die afsku van skeiding van goddelike liefde namens ons beleef het, sodat ons dit nie hoef te ervaar nie. “Dood, waar is jou angel; Doderyk, waar is jou oorwinning?”[39] Niks kan ons nou skei van die liefde van God deur wat Jesus en Sy Vader vir ons gedoen het. Offerande en offers was nooit deur God versoek nie, maar vir ons om te weet dat ons vergewe kon word, het God die hoogste prys betaal.

Die hemelse hekke het vir ons oopgegaan, want die Seun van God het die vernietigende las van die hel ervaar om sy hek te sluit. Ons hoef nooit eers daar in te gaan en die geween en gekners van tande te ervaar, soos wat met dié sal gebeur wat die offer van Jesus verwerp en wat hulle permanent afsny van goddelike liefde.

Die uitdaging wat steeds roep, is om die reis in ons gedagtes van ‘n toestand van waardeloosheid, uitdagend en vasberade (om identiteit te vorm deur wat jy doen) terug na die bron van lewe te neem, waar liefde vir ons wag en die versekering dat ons Sy geliefde kinders is. Al het Jesus die hekke van die hemel vir ons oopgemaak, moet ons die reis van die koninkryk van die Duracell na die koninkryk van God neem, van identiteit deur prestasie na identiteit deur seunskap en dogterskap. Met ander woorde, ons moet die reis van verlossing deur werke na verlossing deur geloof neem. Die res van hierdie boek word toegewy aan die uitdagings en voorregte van hierdie reis.

[39] 1 Korinthiërs 15:55

# *Deel 3 – Die Reis terug na Seunskap*

## *12. Lewe aangedryf deur die Duracell*

‘n Gevoel van afwagting vul die vertrek. Ek en my mede-studente sit in die ouditorium met die hoop om ‘n bekende naam te hoor. Ek het dié jaar baie hard gewerk aan my studies en al het ek myself wysgemaak dat dit nie regtig saak maak nie, het die begeerte diep binne gegroei.

Die skool het toekennings uitgehandig aan verskeie studente vir hulle prestasies gedurende die jaar. Gedurende die byeenkoms, speel ek ‘n baie interessante gedagte spel. “Jy het hard gewerk hierdie jaar, jy kan hierdie volgende toekenning ontvang… nee, iemand anders gaan dit wen…. maar jy het ‘n kans”. Toe die oomblik aanbreek en die naam uitgeroep moet word, begin my hart in afwagting vinniger klop, maar toe die naam gelees word, is dit nie myne nie, maar een van my vriende. Dit is waar dit interessant begin raak. Uiterlik klap ek hande vir my vriend se sukses, maar in my binneste speel ‘n heel ander scenario uit: “Hoekom het hy dit gekry? Ek het harder gewerk as hy, ek kan nie glo dat hulle dit vir hom gegee het nie. O, ek dink ek weet hoekom hy dit gekry het. Hy is verwant aan een van die onderwysers, en dis hoekom hulle hom gekies het. Die uitkoms was gemanipuleer! *Dit gaan nie oor wat jy weet nie; dit is wie jy ken.*” Dit terwyl ek die heeltyd glimlag en hande klap en my selfbeheersing probeer behou. Die wolke het om my begin saampak en vir ‘n paar ure daarna het ek depressief gevoel en ‘n klein bietjie kwaad. Dit is net nog ‘n dag van ‘n lewe aangedryf deur die Duracell.

Dit neem kinders nie lank om te bepaal dat, as hulle waardeer en aanvaar wil word, hulle die eerste onder gelykes moet wees. Welkom in die wêreld van vergelykings. Het jy al ooit in die strik getrap om 'n persent vir een van jou kinders te koop en nie vir die ander een nie? Gewoonlik lyk dit of alle hel losbreek en skreeu jou verontregte kind tussen die trane deur, "Dis nie regverdig nie!"

Dan is daar die "kyk na my" kompetisie in die park. Terwyl jy kyk na een van jou kinders op die glyplank, roep 'n stem "Kyk na my!" en jy draai om om jou ander kind te sien swaai. Jou aandag word afgetrek na iets anders en een van jou kinders merk dit op en roep uit, "Kyk na my!" en dan word jy bestook met "Kyk na my", Kyk na my", "Kyk na my!" soos 'n masjiengeweer, elke "Kyk na my" harder en meer intens.

En dan sit jy aan om middagete te geniet, en hoor jy hierdie oulike deuntjie: "Hy het meer as ek, dis nie regverdig nie, ek wil meer hê." Dit is die middelpunt van lewe aangedryf deur die Duracell. Soos ons ouer raak, doen ons dit miskien net meer gesofistikeerd, maar vergelyking en die soeke na aandag vorm die middelpunt van die mens se bestaan.

Die meeste skool kurrikula blyk die soeke na vergelyking en die soek na aandag, te verstaan. Om saamgebondel te word met jou eie portuurgroep tydens jou opvoeding, weg van die beskerming en liefde van die omgewing van jou huis, bied die perfekte kultuur om die Duracell beginsel te vestig. Die volgende 12 jaar gaan 'n wedloop wees om vergelykend uit te blink in een of meer van 'n aantal areas en kan dus so 'n blink en gelukkige toekoms verseker. Meeste kulture neig om die meer intelligente te begunstig. Vergelykende intelligensie is 'n bate wat jou ver sal bring. Het jy al ooit gewonder hoekom kinders wat oor 'n beter vermoë beskik om kennis in te neem en te herroep, meer suksesvol is as kinders wat neig om meer

talentvol te wees met hulle hande?[40] Kan jy jouself indink dat jy universiteitstoelating kry omdat jy buitengewone kennis dra van hoe om na ‘n tuin te kyk of ‘n motorenjin reg te maak? Daar is plek vir mense met sulke vaardighede, maar die samelewing stel voor dat akademiese prestasie jou kans op rykdom verseker.

Kinders ontwikkel ‘n persepsie oor hulleself gebaseer op hulle rapporte. Ek het ervaar dat mense wat meer talentvol met hulle hande is, meer sukkel met die akademie. Die gevolg is dat hulle hulleself baie keer beperk met opmerkings soos “Dit is bokant my vermoë,” of “ek sal nooit so iets kan doen nie,” of blatant te sê, “ek is te dom daarvoor.”

Maar moenie bevrees wees nie, daar is ander maniere om sukses te behaal. Elke skoolstelsel het ‘n sportprogram wat ‘n vergelykende atletiese padaanwyser bied. Kinders sal duisende ure spandeer om ‘n atletiese vaardigheid aan te leer, wat hulle hopelik een dag die mag en glorie sal bring waarna hulle smag. Ons almal weet dat sport net ‘n spel is, reg? Vertel dit vir al die sokker bewonderaars wat amok maak deur die strate van Europa gedurende die Wêreldbeker. Wat van die man wat gekyk het hoe sy geliefde krieketspan verloor in die Wêreldbeker. Hy het ‘n hartaanval gekry as gevolg daarvan en was dood voor die einde van die spel. En hoe is dit dat verskeie sportmanne miljoene rande betaal word om ‘n stukkie leer rond te skop in ‘n poging om dit tussen twee pale deur te kry? Sport is gevaarlike besigheid want dit voorsien een van die eenvoudigste maniere om waarde te verkry deur prestasie en so al die aandag waarvan jy kan droom. Dit is een van die suksesvolste maniere om die Duracell te voed en die geloof te vernietig dat ons waarde in verhouding eerder as prestasie lê.

[40] Westerse kultuur is grootliks gebaseer op Griekse kultuur wat neig om meer akademies as prakties te wees. Dit is geen toeval dat die dier van Openbaring 13 beskryf word as ‘n luiperd, wat die hele wêreld lei, wat die koninkryk van Griekeland verteenwoordig.

Een van die interessantste aspekte rondom sport is dat, al neem jy ook deel op die hoogste vlak, niemand jou sal onthou sou jy nie wen nie. Die emosionele trauma van verloor kan vernietigend wees. Ek onthou hoe 'n sokkerspeler homself op die grond opgevou het en soos 'n babatjie gehuil het toe hy gefaal het om 'n strafdoel in die doelhok te skop en derhalwe die oorsaak was dat sy span nie die wenbeker huis toe geneem het nie. Ek onthou dat ek na die afrigter gekyk het wat hom van die veld af begelei het en gewonder hoeveel hy gevoel het hy werd is. Maar, natuurlik, dit is net 'n spel. Ja, maar dit is 'n spel wat 'n stryd is tussen lewe en dood vir waarde en aanvaarding.

Ons kan 'n lys maak van ander gode waarop ons hoop om aan ons guns te bewys en ons die sukses en geluk te gee wat ons begeer. Daar is die gebied van fisiese skoonheid. Dit is die ongenaakbare wêreld waar roem verwerf of verloor kan word gebaseer op die struktuur van jou wangbene of die grootte van jou bors. Hoeveel jong meisies waarvan jy weet het hulleself nagte aan die slaap gehuil omdat hulle gevoel het hulle nie gaan kwalifiseer nie. Ons het onlangs 'n skerp toename in anorexia ondervind, 'n toestand wat hoofsaaklik vroue daartoe dryf om hulleself uit te honger vir 'n ongewone klein postuur.

Wat van die wêreld van welvaartskepping, status in jou posisie of selfs voorstad status. Ek het in die witboordjie korporatiewe wêreld vir 'n paar jaar gewerk, en was dit nogals interessant om die rangorde dop te hou. Jy bepaal die persoon se posisie deur die kwaliteit van sy kantoormeubels. Die hoof in beheer het 'n aparte kantoor met 'n vensteruitsig na die straat en al sy aktiwiteite. Hy het die leer hoërug stoel met die armleunings. Hy het die groot gekleurde houtlessenaar met die nuutste rekenaar op. Die volgende persoon onder hom het ook sy eie kantoor, maar sy vensteruitsig is nie heeltemal so goed nie en sy stoel nie heeltemal so deftig en sy rekenaar nie heeltemal so vinnig nie. Die volgende persoon onder hom het net sy kantoor afgeskort en sy stoel het geen armleuning. O ja, en hy het nie 'n koordlose telefoon nie, en hy kan nie eers by die venster uitkyk nie. Dit is inderdaad lagwekkend, maar

dit is ‘n baie ernstige saak in die korporatiewe wêreld. Kantoormeubels maak ‘n belangrike deel uit van effektiewe vergelyking met jou portuurgroep.

Die lys van vergelykbare geleenthede is eindeloos in die wêreld van die Duracell, maar hulle val gewoonlik in een van ‘n paar basiese kategorieë.

1. Opvoedingsvlak
2. Atletiese bevoegdheid
3. Musiek/Kunstig vermoënd
4. Posisie vlak/Inkomste vlak
5. Fisiese voorkoms
6. Besittings/bates
7. Nasionaliteit

Dit is die gode wat die wêreld aanbid in die hoop dat hulle begunstig sal word. Hulle is veeleisende taakmeesters en vereis volle onderwerping om deur hulle raakgesien te word. Hulle vereis gewoonlik die opoffering van vriende en familie, en as jy gelukkig is, geniet jy ‘n oomblik van glorie voordat jy in die niet verdwyn. Almal van ons raak slawe van hierdie gode deur die krag van die Duracell, en dit is van hierdie gode van wie die God, wat die hemel en aarde gemaak het, ons van wil bevry.

## *13. Die leer na die Hemel*

Die dae het korter en koeler begin raak; winter was op pad. Dit was tyd om die houtvoorraad vir die vuurherd op te bou tydens die bytende koue wat binnekort sou toesak op die klein vallei. Die man van die huis was besig om hout te kap toe hy 'n klein paar skoentjies opmerk uit die hoek van sy oog. Hy het opgekyk en 'n jong seun gesien wat hom stip dophou. "My pa kan hout vinniger kap as dit." "Is dit so?" antwoord die man wat nogals verbaas was oor die seun se vrypostigheid. "Hy kan verseker!" "My pappa kan enigiets doen. Hy is die beste wat daar is." "Wel, jy is baie bevoorreg om so 'n pappa te hê."

Dit was die eenvoud van my kinderdae. Dit was die dae toe Pappa en Mamma niks verkeerd kon doen nie en die mees ontsagwekkende mense denkbaar was. Party dae dink ek dit sou seker lekker gewees het om in daardie eenvoud van gedagtes te kon gebly het, maar dit was ons nie beskore nie. Na 'n kort rukkie op skool, het ek begin aanpas in die konstante rondte van vergelykings, op soek na 'n plek in die klein gemeenskap van kinders met wie ek my geleerdheid gedeel het. Die vlak van vergelykings was nie so intens gedurende laerskool nie, en die meeste van my vroeë skool ervaring was ek gelukkig. Daar was baie handwerk en speletjies en aktiwiteite, en oor die algemeen was dit groot pret. Maar daar was tye waar ek 'n voorsmaak van die toekoms sou kry, en die bittersoet ervaring van die Duracell koninkryk proe.

Toe ek sewe word, het my ouers na 'n nuwe omgewing verhuis en het ek gou my weg probeer vind tussen 'n nuwe groep kinders. Ek het maklik vriende gemaak, maar het ook 'n paar nare karakters teëgekom. Ek was redelik stewig gebou as 'n kind en 'n paar maer kinders het besluit hulle

gaan munt slaan uit die feit dat ek bietjie meer om die lyf gehad het as hulle. "Vetsak", "Vet Albert" en "Slob" is van die name wat ek onthou. Dit was 'n nare ervaring wat baie van ons ervaar het tydens ons kinderdae. Dit het dag na dag gebeur. Die vyand van siele het hierdie seuns gebruik om my sin van waarde te vernietig. Een oggend op pad skool toe, het ek besluit ek het genoeg gehad. "Ma, ek gaan nie uit die motor klim nie. Ek gaan nie skool toe nie." "Natuurlik gaan jy, my seun." "Nee, ek gaan nie!" Terwyl ons inry, sien ek die dreigende houding van die ouens wat my soos valke wat hulle prooi gaan aanval, dophou. Ma het die deur oopgemaak en my probeer uittrek. Die volgende paar minute was redelik intens. Ek het geskop, geprotesteer, geskree, en aan my stoel vasgeklou. Was dit net 'n tipiese seun wat hom swak gedra? Miskien, maar toe my identiteit as 'n persoon gelykgemaak word, sou ek alles in my vermoë doen om myself te beskerm. Ek kan nie eintlik onthou wat volgende gebeur het nie, maar ek onthou dat die geboelie gestop het. Dit was 'n ware voorsmaak van wat voorgelê het.

Die wreedheid wat in kinders manifesteer, is die rou, ongetemde gevolg van die beginsels van Satan se vergelykende koninkryk in aksie. Ons staan dikwels verbysterd deur die brutale selfsugtigheid en ondankbaarheid wat kinders openbaar. Groei ons natuurlik uit hierdie eienskappe? Nee! Soos ons geleer het, niemand ontsnap uit hierdie koninkryk sonder die hulp van die Seun van Dawid nie. Soos ons ouer word, word ons eenvoudig net meer uitgeslape en verfynd.

In die middel van my hoërskool loopbaan, was ek ordentlik geprogrammeer. Ek was geleer om die god van opvoeding te aanbid, die god van sport en die god van fisiese voorkoms. Ek wou die god van geld aanbid, maar ek het nie werk gehad nie. Alles rondom my het my geleer dat ek moet streef om eerste te kom, streef om te presteer. Ek het geleer dat net wenners aanvaar word, verloorders is niks werd nie. Baie keer was my aansporing om te presteer merendeels gemotiveer deur die moontlikheid om eerste plek te behaal, anders as om net die

inhoud van wat ek geleer het, te geniet. Ek het films op televisie gekyk wat hierdie geloof bevestig. ‘n Manlike hoofrol sou voorgestel word as iemand wat ‘n groot kordaatstuk bereik het en dan die hart van ‘n jong dame verower. Dit het my geleer dat ‘n verhouding iets is wat bereik moes word en die jong dame meer soos ‘n prys en nie ‘n vriend nie. Nie dat jy dit sê nie, dit gebeur alles net in die onderbewussyn.

Die tyd het aangebreek om te droom. Ek het gereeld op my bed gelê en droom dat ek die wenlopies vir Australië sou slaan in ‘n krieketwedstryd of my lewe sou waag om ‘n jong dame in nood te red. Hierdie drome het die struktuur van my waardesisteem gevorm.

Hoe meer ek gedroom het, hoe meer vasbeslote was ek om hierdie doelwitte te bereik. Die moeilike deel is dat ek nie hierdie doelwitte kon bereik in ‘n vakuum nie. Ek moes altyd as die wenner uittree. Ek wou vriende hê, maar my drome het eerste gekom. Ek was beskaafd as my drome nie in gevaar was nie, maar sodra ek agtergekom het dat my drome bedreig word, was dit oorlog!

Ek het hard gewerk om my doelwitte te bereik. Ek het uitgeblink in sport en skoolopvoeding; ek het nie te sleg gevaar nie - twee uit drie. ‘n Ander fase het toe aangebreek. Toe ek wel die top bereik het, moes ek daar bly. Ek het konstant oor my skouer geloer net om seker te maak dat ek nie my posisie verloor nie. En my reputasie moes ook nie skade ly nie. Wat sou met my gebeur as ek my kosbare reputasie verloor? Dit sou ondenkbaar wees, so het ek net meer vasberade voortgegaan.

Hierdie stryd het vir ‘n wyle aangehou totdat ek begin besef het dat om al hierdie doelwitte te bereik, feitlik onmoontlik is. Hierdie insig het gelei tot woede uitbarstings! Ek dink ek het gevoel dat ek bedrieg was. Ek het my meesters goed gedien, en nou het hulle met my gespot. Ek was opgevoed in ‘n

sisteem wat my nooit ‘n blywende gevoel van waarde kon gee nie en was ek kwaad daaroor.

Baie mense sukkel om die wisselvalligheid en verwoesting wat deur jongmense vertoon word, te onderskei en hoekom baie van hulle selfmoord pleeg of hulleself oorgee aan fuifdrinkery en dwelms.  Ek glo dit gebeur baie keer omdat hulle besef dat hulle nooit hulle drome kan bereik deur die metodes wat hulle geleer is nie.  Hulle sal nooit groot wees in die oë van ander nie, en daarom gee hulle oor aan selfvernietiging.

Ek onthou toe ek eendag in ‘n basketbal wedstryd gespeel het. Dit was ‘n naelbyt wedstryd.  Die druk was op ons span.  Die ou wat ek gemerk het, het skielik gehardloop vir die hoepel, en toe hy die bal oplig, het ek dié heeltemal uit sy hand geslaan.  Tot my ongeloof, het ek die skeidsregter se fluitjie gehoor wat ‘n oortreding aangedui het.  Ek weet ek het hom nie geraak nie en skielik het ek woedend geword – woede dat hierdie ellendige stelsel wat my die wêreld beloof, my niks gee nie.  Ek het opgehardloop na die skeidsregter en twee sentimeter voor sy gesig gestaan en skree teen ‘n onwelvoeglike volume.  Iets binne-in my het geknak.  Ek was onmiddellik verwyder van die baan en geskors uit die kompetisie.  Toe ek afgestap het, glo ek, het God met my gepraat.  Ek het myself afgevra, “Wat gaan aan met jou, ou?” “Jy verloor beheer oor jouself!”    Dit was die eerste keer dat ek selfondersoek gedoen en myself afgevra het in watter rigting ek beweeg.  God het my getrek om na iets beters te soek. Ek het begin voel dat daar ‘n beter weg moes wees.

My vyand van my siel het dit ook geweet en het my net verder gedryf om myself te bewys – soos ‘n roker wat weet hy moet ophou rook en daarna twee keer meer sigarette rook.  Soos my drome begin kwyn het, het ek al hoe meer begin onttrek en baie temperamenteel geraak.  Eendag het my ma in my kamer ingekom en gekla oor hoe slordig dit lyk.  Kom ons sê dit was minder gunstig as wat die meeste tienerseuns se kamers maar lyk.   Ek het woedend geword dat sy in my leefspasie

inbeweeg en my begin opdragte gee het. Ek het ‘n string wel gekose woorde gemompel en haar gesê om my alleen te los.

Dit is interessant om te sien op hoeveel verskillende maniere God werk om ‘n persoon te bereik. Heelwat van my vriende het na hulle moeders verwys op ‘n baie neerhalende manier. My pa het dit tog reggekry om my te leer om met respek met my ouers te praat, en ek het myself belowe om nooit met my ma te praat soos sommige van my vriende gedoen het nie. Die oomblik toe ek dit wel gedoen het, was dit asof die laaste bietjie waardigheid wat ek nog gehad het, ook weggestroop was. Ek was geskok oor myself, en my depressie het vererger. Ek het ‘n punt bereik waar ek nie meer omgegee het nie, wat ‘n baie gevaarlike plek is om te wees. Ek het besef dat ek by ‘n kruispad was. Die breë weg van wyn, vroue en musiek met sy gapende kake het my gelok. Andersyds was daar die nou weg waarvan ons leer in die Woord. Sou ek die godsdiens wat my ouers my geleer het, kies of sou ek die breë weg kies wat soos ‘n brandende komeet tot sy einde kom? Daar was geen rede vir my om voort te gaan om voor te gee dat ek ‘n christen is nie. Dit was nou vir my duidelik dat ek nooit regtig ‘n christen is, en ook nooit een was nie, al was ek grootgemaak in ‘n christelike omgewing. Dit was óf Christus óf die duiwel. Gelukkig het ek gekies om die ware Jesus van die Bybel te probeer vind.

Ek het besluit om *Skrede na Christus*, ‘n boek wat vir baie jare in ons huis was, te lees. Die titel het nou perfek vir my behoefte gelyk. Ek het begin lees met ‘n honger en desperaatheid om Hom te vind. Ek moes die leer na die hemel vind, want die koninkryk van Satan het nie meer vir my gewerk nie.

Vroeg in die boek het die skrywer verduidelik dat Jesus gekom het om die leuens wat die mensdom omhels het oor God, te vernietig, en God se liefde aan ons te openbaar deur Sy Lewe. Ek het die woorde ingedrink soos die oopgebarste aarde onder die somerreën. Die skrywer het my uitgenooi om te dink aan Jesus in Getsemané en Hom na die kruis te volg.

Terwyl ek die toneel bepeins, het ek skielik gevoel dat ek werklik na Hom gekyk het. Die figuur op die kruis het baie eg gelyk, en ek het sterk onder die indruk gekom dat Hy daar gehang het omdat Hy my liefhet en my desperate behoefte verstaan om uit die koninkryk van Satan te ontsnap. Ek was diep onder die indruk dat ek Hom kon vertrou as my beste vriend en dat Hy my sou lei na die hemelse koninkryk. Terwyl ek Hom aanskou het, het ek ‘n gevoel van dankbaarheid ervaar dat Hy gewillig was om my te red, en het ek die gewig van skuld, angstigheid, depressie en vrees wat ek vir soveel jare saam met my gedra het, van my voel afrol. ‘n Vrede het van my besit geneem wat ek nog nooit ervaar het nie, en ek het gehuil van vreugde. Die Seun van Dawid het my duisternis verbreek en die daglig het deurgebreek.

## 14. Dieselfde Gode, Verskillende Name

Die kamer was vol vrolike en opgewonde jongmense. Voor in die vertrek was twee groot luidsprekers met die jongste rock musiek. Ek het ‘n partytjie gereël om fees te vier met ‘n groep van my vriende – wel, dis wat ek probeer doen het. Ek het in die hoek van ‘n kamer gaan sit waar ‘n tiener ‘n geanimeerde weergawe van ‘n toneel uit een van die jongste films gedemonstreer het. Ek het myself tuisgemaak en die atmosfeer probeer indrink, maar iets was verkeerd. Ek het opgestaan en uitgegaan na die stoep waar ek aangesluit het by sekere “Romeos” wat gepraat het oor hulle jongste wedervaringe oor hoe om die vrou van jou drome in te palm. Ek het dit ook nie geniet nie. Wat is verkeerd met my? Die musiek het op my senuwees begin werk en ek het oorkant die kamer gekyk en ‘n toneel gesien in die video wat gespeel het, wat ek baie afstootlik gevind het. Die gedagte het my soos ‘n vragtrein getref, ek haat hierdie goed!

My gedagtes het versnel met moontlike scenarios. Tot nou toe was dit my definisie van pret, en nou wou ek dit nie meer gehad het nie. Iets het van my hart besit geneem en dit onmoontlik gemaak om te geniet. Erens vanuit die afgrond het die afskuwelike gedagte gekom dat my lewe van pret verby was en dat ek nooit weer myself sal kan geniet nie. Ek het na die voortuin toe uitgehardloop en met my vuis in die lug geroep, “Jy het my lewe geruïneer!”

Dit was ‘n paar weke na my pad van Damaskus ervaring met Jesus. My lewe was omgedraai. Die Bybel het vir my lewe gekry, en ek het alles wat ek gelees het ingedrink en ‘n vryheid ervaar wat ek nog nooit voorheen ervaar het nie. Toe Jesus in my lewe ingekom het, was die veranderinge onmiddellik. Ek het skielik bewus geraak dat sommige van my taalgebruik onwelvoeglik was, my grappies redelik vulgêr

en sekere aspekte van my leefstyl nie in ooreenstemming was met die nuwe rigting wat ek ingeslaan het nie. Ek was op reis na my nuwe koninkryk. Dit was soos ‘n reis na ‘n nuwe land en die taal en gewoontes van vooraf te leer. Ek wou leer want ek het die Here van daardie koninkryk liefgekry, maar ek was geskool in ‘n ander koninkryk, en dit sou tyd neem om aan te pas.

Tot op die aand van die partytjie, het ek nie besef hoe radikaal my lewe verander het nie. Jesus het my hart gewen omdat Hy my so liefgehad het en toe Hy my geroep het, het ek nie getwyfel nie. Ek het gedink ek doen die regte ding die aand van die partytjie, maar het besef Hy was besig om my weg te roep van daardie tipe lewe. Dit was al wat ek geken het, en ek was bang dat my nuwe lewe my nie dieselfde genot sou bring nie. Die onbekende hou altyd vrees in, selfs al weet ons wat reg is. Ek is dankbaar dat ek Jesus tog vertrou het met my lewe eerder as om my onbetroubare gevoelens te vertrou.

Toe ek Jesus as my Verlosser aanvaar het, het ek vir weke in die lug gesweef. Sy nabyheid was vir my baie spesiaal en vandag ervaar ek dit steeds. Jesus het die hekke van die hemel vir my oopgemaak, en nou moes Hy die saad van die Duracell verwyder. Hy het my gehelp om die filosofie van my lewe, dat my prestasie die middelpunt van my waardestelsel is, te ontwortel. Dit is ‘n reis wat elke kind van Abraham moet neem. Die enigste manier hoe ons die reis kan aanpak, is om ons oë gevestig te hou op die lig van die kruis en nederig in die voetspore van Jesus te volg in die beginsels van die nuwe koninkryk.

Ek het begin om ‘n gebedsbyeenkoms saam met vriende by te woon. Die eerste aand toe ons saam gekniel het, het ek die soete Gees van God in ons midde gevoel, maar daar was ‘n ander gees van my ou lewe wat my geteister het. Terwyl ons in ‘n sirkel bid, het die gedagte by my opgekom. “*Ek kan nie bid soos hierdie mense om my nie, hulle is so welsprekend”*. My hart het al hoe vinniger begin klop soos die sirkel nader aan my beweeg het. Almal se aandag sou binnekort op my

wees. Maar hierdie was ‘n gebedsbyeenkoms oor Jesus, nie oor my nie!

Hier lê die vloek van die Duracell. Al het ek my hart aan Jesus gegee en wou ek Hom volg, was die beginsels van my ou lewe steeds om myself weer die middelpunt van alles te maak, om my gebedsbevoegdheid ‘n saak van belang te maak, in teenstelling met die belangrikheid van my verhouding met God in gebed.

Toe ek vroeër met Bybelstudies begin het, het ek altyd onbevoeg gevoel, al het ek in ‘n christelike omgewing grootgeword, en het ek besef dat in Bybelse terme ek nog nie van kleuterskool gradueer het nie. Ek het altyd geluister na dit wat ek geleer is, maar die gedagte het my bly pla, “Hoe kan hulle hierdie verse so maklik opsoek, ek sal dit nooit kan doen nie.” Ek het rondgevroetel om die regte boek en vers te kry en het net gebid dat ek nie laaste sal wees sodat almal vir my moes wag nie. Wat ‘n verleentheid! Die jare van opleiding wat ek ontvang het om myself te vergelyk met ander het na die oppervlak begin deursyfer in my nuwe christenreis. Dit was redelik maklik vir die Gees van Christus om my te oortuig van my taalgebruik en leefstyl, maar dit sou tyd neem om te besef hoe diep die tentakels van die Duracell werklik gewortel is.

Soos my reis gevorder het, het ek ‘n diep liefde vir die Woord ontwikkel. Ek was ywerig om te leer oor Jesus wat Sy lewe vir my gegee het. Dit het ‘n groot seën vir my ingehou, maar my ou lewe het vir my gelê en loer en was gereed om my te verstrik. Ek het begin agterkom dat mense rondom my baie minder Bybelse kennis as ek het. My groeiende Bybelkennis het my meer selfvertroue gegee om te praat en het gou begin om Bybelstudies te gee vir klein groepies en later ook groter groepe. Dit was weereens vir my ‘n seën en ook vir dié saam met my, maar ek was stadig maar seker besig om terug te beweeg op die platform van waarde vind deur wat ek doen, eerder as waarde deur verhouding. Dit het stadig en ongemerk gebeur, maar dit het gebeur. In retrospek is dit so

vir baie van ons, ons het dieselfde gode, maar met verskillende name.

Die tabel hieronder wys hoe maklik dit is om in die Bybel te glo, maar met ‘n wêreldse leefstyl. Nie in die sin van losbandigheid nie, maar om waarde te vind in wat jy doen.

| **In die wêreld** | **In die Kerk** |
|---|---|
| Opvoeding | Bybelkennis |
| Atletiese vermoë | Openbare optrede |
| Kunstig vermoënd | Musiekbediening |
| Werkstatus | Kerk-amp |
| Besittings | Geestelike gawes |
| Fisiese voorkoms | Kerk modeparade |
| Nasionaliteit | Konserwatief/Liberaal |

Vir baie van ons word ons wandel met Jesus gepootjie deur die listigheid van die krag van die Duracell. Ondersoek die kerk vandag, en die gode waarvan ons wou ontsnap het in die wêreld, is te vind in die kerk. Hulle klee hulleself met kledingstukke van lig en ons het hulle omarm soos goeie vriende. Die onvermydelike gevolg is woede, verbittering en konflik in die kerk.

Dit is so maklik om vroom te lyk in die kerk, maar wat van die persoon wat aan die anderkant van die kerk sit en nie met jou wil praat nie, omdat jy iets agter hulle rug gesê het waarvan hulle te hore gekom het? Wat van die pianiste wat na ‘n ander kerk gegaan het omdat sy gesê was haar spel is substandaard? Wat van die leerstellige bewakers wat die gange van die kerk kruis en dwars deurloop om dié te vind wat nie sou voldoen aan hulle definisie van ortodoksie nie, en sodoende hulle name van die boeke van die kerk mag afhaal? Wat van die ‘progressiewes’ wat die musiekkomitee wil kaap om hulle nuwe aanbiddingstyl af te dwing op almal, ten koste van die res wat nie daarvan hou nie? Die lys is eindeloos en

die vyand van ons siele weet so lank as wat hy ons hiermee besig hou, ons essensieel nog steeds onderdane van sy koninkryk is.

Die grootste bewys dat ons steeds gestrem word deur die beginsels van die koninkryk van Satan is die hoë vlak van onenigheid en gebrek aan christelike liefde in die kerk. As ons ons verhoudings met dieselfde agting hanteer as wat God Sy verhoudings ag, sou ons baie meer liefde en deernis teenoor mekaar in die kerk openbaar.

Baie interessant dat die subtiele oordra van die afgode van hierdie wêreld in die kerk en ons persoonlike ervaring, ook voorgekom het in die kerk se korporatiewe ervaring. In die vierde eeu toe keiser Konstantyn christenskap aangeneem het, het daar 'n hele reeks veranderinge plaasgevind in die christen kerk. Een punt wat spesifiek van belang is, is dat baie van die beelde van die heidense gode wat in die Pantheon was, oorgedra was na die christenkerk en die name verander na Bybelse karakters, bv Moses, Dawid en Petrus. Dieselfde gode, verskillende name! Dit maak nie saak hoe jy die god aantrek nie, dit is steeds heidens, en wat sê ons van hedendaagse tye? Dit is een ding om die korporatiewe kerk aan te val omdat sy afvallig geword het van haar apostoliese waarheid. Dit is 'n ander saak om te sien hoe dieselfde beginsels aan die werk is in ons eie lewens. Laat ons seker maak dat ons eers die balk uit ons eie oog haal voor ons die splinter uit ons broer se oog wil haal.

Dit is interessant om die reis van die mees vurige navolgers van Christus te studeer – sy dissipels. Die onderwerp van mag en posisie het dikwels sy kop uitgesteek. Kom ons kyk na 'n paar skrifgedeeltes:

> In daardie tyd het die dissipels na Jesus toe gekom en gevra, "Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?" Mattheus 18:1

Daar was net een rede hoekom die dissipels hierdie vraag gevra het – selfbelang. Die dissipels het geglo dat Jesus die Messias was, die Christus. Hulle geloof in Hom was passievol. Sommige van hulle was selfs gewillig om vir Hom te sterf, maar net soos my gedagtes in die voorbereiding van my gebed beweeg het van my verhouding in gebed na prestasie in gebed, het die dissipels beweeg van hulle verhouding met hulle Messias na hulle posisie in Sy nuwe koninkryk.

> En Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, het na Hom gekom en gesê: Meester, ons wil hê dat U vir ons moet doen wat ons U ook al mag vra. En Hy sê vir hulle: Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? En hulle antwoord Hom: Gee aan ons dat ons mag sit in U heerlikheid, een aan U regter- en een aan U linkerhand. Markus 10:35-37

Die god van posisie en status het die beginsels van die nuwe koninkryk wat Jakobus en Johannes geleer het, heeltemal oorgeneem, deurdat hulle Jesus gevra het of hulle aan Sy linker- en regterhand van Sy koninkryk kon sit. Jesus het gelukkig nooit vermoeid geraak met hulle voortdurende mislukking om die ou koninkryksbeginsels te laat vaar nie. Hy het verstaan dat dit tyd neem vir ons om te sien hoe diep ons wortels werklik gegrawe is rakende die beginsels van die duiwel se koninkryk. Wanneer ons toelaat dat die ou beginsels oorneem, is die probleem die volgende:

> En toe die tien dit hoor, begin hulle verontwaardig te word oor Jakobus en Johannes. Markus 10:41

Wanneer ons toelaat dat die beginsels van die ou koninkryk ons lewe reël, sal twis altyd die gevolg wees. Die ander dissipels het kwaad geword oor dit wat Jakobus en Johannes gedoen het. Hoekom? Want die boodskap wat hulle uitgestuur het, was; "Ons is beter as julle." Hulle mag dit miskien nie so bedoel het nie, maar dit was die gevolg. Jesus het die geleentheid gebruik om hulle te leer hoedat Sy

koninkryk anders funksioneer as die een waarin hulle grootgeword het. Hulle sou moes leer om anders te dink.

> Maar Jesus het hulle na Hom geroep en vir hulle gesê: Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers, en dat hulle groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Markus 10:42-45

Mag hierdie woorde vir ewig in jou ore weerklink! As jy werklik die vernaamste in God se koninkryk wil wees, moet jy leer om vreugde daarin te vind om ander te dien eerder as om hulle te manipuleer en te beheer. Jesus vertel ons dat die heidene dit geniet om te heers oor ander en om outoriteit oor hulle uit te oefen en te wys wie is in beheer. Vreemd genoeg, hierdie selfde gees heers dikwels in die kerk deur sekere lede wat daarop uit is om hulle wil en outoriteit op die kerk af te dwing. Dis reeds twee duisend jaar sedert die kruis en baie van ons verstaan steeds nie die basiese nie.

Hoe is dit dan dat die vyand van ons siele dit so maklik vind om ons terug te trek na ons ou manier van dink? Soos ons vroeër gesê het, dit is ons inherente gevoel van onsekerheid wat dit maklik maak vir Satan om ons te beproef om onsself te bewys. Tensy ons onthou hoe ons ons waarde verkry, sal ons dit onmoontlik vind om te weerstaan om klippe na brode te verander om ons belangrikheid so te bewys.

Daar is iets baie onrusbarend in terme van die beginsels van die Duracell wat hardnekkig aan ons vaskleef. Jesus was die beste onderwyser wat hierdie wêreld ooit gesien het. Hy het meer as drie jaar spandeer met sy dissipels en hulle nougeset geleer waaroor die beginsels van die koninkryk van die hemel

gaan, en na dit alles, vind ons op dieselfde nag van sy kruisiging, dat die dissipels steeds beheer was deur die beginsels van die ou lewe.

> Net so neem Hy ook die beker na die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word. Maar kyk, die hand van hom wat My verraai, is by My aan tafel. Die Seun van die mens gaan wel heen volgens wat bepaal is, maar wee daardie man deur wie Hy verraai word! Toe begin hulle onder mekaar te vra wie van hulle dit tog kon wees wat dit sou doen. En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees. Lukas 22:20-24

Op die einste vooraand van die grootste demonstrasie van liefde wat die heelal nog ooit gesien het, het daardie naaste aan Jesus, wat meer van Sy koninkryk geweet het as enigiemand anders, geargumenteer oor wie die grootste sou wees. Die sielesmart wat Jesus op daardie tydstip moes verduur het, moes intens gewees het. Kan dié van ons wat bely dat ons navolgers van Jesus is, dieselfde foute maak wat die dissipels gemaak het – vurige navolgers van Hom, maar onder onsself worstel oor wie die grootste is?

Daar is slegs een ding erger om beheer te word deur die beginsels van die Duracell in die wêreld; en dit is om daardeur beheer te word in die kerk. Mag God ons help om vrygemaak te word van hierdie selfsugtige beginsels sodat ons die volkome vreugde van Sy koninkryk kan beleef!

## *15. Hoe Lees Jy?*

Vandag is ‘n baie spesiale dag. Jy is opgewonde en vol verwagting oor die potensiële vooruitsigte wat voorlê. Die hoof van ‘n groot industriële maatskappy is belangstellend in ‘n spesiale ontwerp waaraan jy werk en daar is ‘n sterk moontlikheid dat hulle dit gaan vervaardig oor die wêreld. Julle besluit om by ‘n knus plaaslike restaurant te ontmoet vir middagete. Jy kyk senuweeagtig rond om te sien of jy die onbekende persoon sal herken wat jou droom in ‘n realiteit kan verander. Hy daag uiteindelik op en jy gee hom ‘n stewige handdruk en gaan die restaurant binne. Om mekaar beter te leer ken, vra jou metgesel jou uit oor jou familie, waar hulle bly en hoe jou kinders doen op skool. Alles verloop vlot behalwe vir die feit dat die persoon agter jou ‘n kuns ontwikkel het om sy sop op te slurp. Aanvanklik ignoreer jy dit, maar het mettertyd irriterend geraak. *Sommige mense moet ‘n bietjie maniere geleer word*, dink jy by jouself, maar vermy die gedagte om gefokus te bly. Die gesprek met jou potensiële besigheidsvennoot gaan baie goed en is jy net besig om die ekstra voordele van jou ontwerp te bespreek, toe die ou agter jou skielik ‘n wind opbreek wat amper die eetgery op jou tafel laat klingel. Alle oë is skielik vasgenael op hierdie ongewone individu wat klaarblyklik geen maniere het nie. Party mense het gegiggel en geproes terwyl ander met walging en afsku reageer het. Uiteindelik het die eienaar van die restaurant opgedaag en die man versoek om die vertrek te verlaat, en gesê dat sy tipe nie welkom is nie.

Die meer verbasende feit is dat as hierdie selfde man in ‘n restaurant gesit het wat ‘n Chinese kultuur verteenwoordig het, niemand ‘n oog sou geknip het nie. Inteendeel, die gasheer sou heel moontlik teleurgesteld gewees het as hierdie gedrag nie geopenbaar is nie. Wat meer is, in die Chinese kultuur sou jy, as jy iemand se hand skud met die eerste

ontmoeting, of oor sy familie sou uitvra tydens ‘n ete, dit as baie ongemanierd beskou word.[41]

Dit is verstommend hoe dieselfde optrede heeltemal verskillend geïnterpreteer kan word afhangende van watter kultuur of wêreldbeskouing jy afkomstig is. Hierdie feit verskil nie wanneer ons kyk na die twee verskillende kulture van die koninkryk van God versus die koninkryk van Satan nie.

Die christelike geloof het net een fondasie, naamlik Jesus Christus, tog, as ons kyk na die oorvloed van groepe wat die naam van Jesus neem, is dit ‘n raaisel dat daar soveel teenstrydighede kan bestaan vir een fondasie. Die reis na die koninkryk van God behels die aflegging van kultuur en van wêreldbeskouing. In die laaste hoofstuk kyk ons na die tipiese uitdagings wat ons elke dag ervaar wanneer ons leer om te dink in terme van die weë van die hemel.

Die grootste uitdaging van die christelike lewe is juis hoe ons die Woord van God, die Bybel, benader. Ons kom uit ‘n wêreld waar ons geskool is in prestasie en posisie, maar as ons beweeg na die koninkryk van God, is dit absoluut noodsaaklik dat ons ons opinies oorgee aan die Gees van God en Hom toelaat om ons te leer hoe om Sy Woord te lees. Tragies genoeg is dit nie altyd die geval nie en die baie teenstrydighede, kettery en geskille wat ons vind in die christelike geloof en in die geskiedenis kom direk vanuit die lees van die Bybel uit ‘n Duracell raamwerk eerder as in die raamwerk van die hemel wat fokus op egte en intieme verhoudings.

Jesus het hierdie punt uitgelig in Sy gesprek met ‘n regsgeleerde in Lukas 10. Die regsgeleerde vra Jesus, “Wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?” Om tot die dieper betekenis van die saak te gaan, vra Hy, “Hoe lees jy?”[42]

[41] http://www.chinawestexchange.com/Chinese/Culture/customs.htm
[42] Lukas 10:25,26

Jesus vra nie *wat* jy lees nie; Hy vra *hoe* lees jy, of hoe interpreteer jy dit wat jy lees. Dit is die sleutelvraag vir enigeen wat die begeerte het om die reis van die aardse Duracell na hemelse verhoudings te neem – Hoe lees jy?

Die vraag rakende die ewige lewe wat die regsgeleerde Jesus gevra het, is een van die mees kritiese vrae van die christelike wandel. Die posisie wat jy beklee en die mense met wie jy meng, is 'n sterk aanduiding van jou waarde in hierdie wêreld. In teenstelling daarmee, in die hemelse koninkryk is enige persoon 'n kind van God en is waardig om met respek behandel te word. As ons die gesprek volg, sien ons dat die regsgeleerde die skrif interpreteer volgens die vorige eerder as die laaste. Hy gee Jesus die regte antwoord deur te sê, "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en al jou krag en jou naaste liefhê soos jouself.[43] Jesus het in werklikheid gesê, "Presies, doen dit en lewe", maar die regsgeleerde, wat die volle implikasie besef van wat dit sou verg, poog om die betekenis te verdraai deur te vra, "Wie is my naaste?" Die betekenis van die skrif is eenvoudig, maar die hart van die mens onder die invloed van die Duracell reageer dat dit moeilik is om te verstaan, want dit is onwillig om die oue te laat gaan en die nuwe ten volle te omhels. Hier lê die rede vir so baie lewelose christene, hulle glo in die koninkryk van Christus, maar lewe volgens Satan se koninkryk en die gevolg is verwarring, frustrasie en boosheid.

Die hele christen geloof is verward oor hulle verlossing, want die Bybel leer baie duidelik dat 'n christen wat bemagtig is deur genade, 'n lewe sal lei in ooreenstemming met die Tien Gebooie. Baie van ons benader egter die Tien Gebooie binne die raamwerk van die Duracell – ons poog om dit te onderhou sodat ons verlossing kan bekom, eerder as om die Tien Gebooie te sien as 'n beskrywing van die verhouding wat *sal* plaasvind tussen God en Sy kinders.

[43] Lukas 10:27

Omgekeerd, en meer algemeen, het ons ‘n hele menigte wat die onderhouding van die Tien Gebooie as onmoontlik sien, maar om dan eerder in ‘n geloofsverhouding te tree, verklaar hulle derhalwe die onderhouding van die Gebooie as onmoontlik en ervaar hulle ook nie die vryheid van oorwinning in Christus nie. Of jy nou daarna streef om die Gebooie te hou of nie, die fokus is op die onderhouding daarvan eerder as verhouding. Nie een van hierdie groepe kan die koninkryk van die hemel ingaan tensy hulle die Tien Gebooie aanvaar op die basis van ‘n geloofsverhouding met Hom wie vir ons gesterf het.

Vir die groep Christene wat die anti-prestasie siening inneem en dit onmoontlik vind om te oorwin in die christen lewe, volg dit spoedig dat die god wat hulle dien ook nie in staat is om dit tot uitvoering te bring nie. As jy hierdie tendens kombineer met die wêreldse begeerte vir erkenning, is dit dan ook geen verrassing om te vind dat christen geleerdes, onderwysers en gelowiges die vermoë van God om die aarde in ses letterlike dae te skep, verwerp. Net soos die regsgeleerde die antwoord gegee het dat hy sy naaste moet liefhê, maar dan die vraag vra, “Wie is my naaste?” sê baie geleerdes vandag, “Ja, ons glo in ‘n ses dae skepping – maar watse tipe dae is dit?” Boosheid vind altyd ‘n manier om die Skrif te verdraai om self te pas – om te glo in Christus en tog volgens die wêreld se standaard te leef. Die duiwels glo ook in Christus en leef volgens die wêreld se standaard.

Sodra ‘n persoon die geloof verloor het om in ‘n God te glo wat ‘n nuwe hart kan skep en geleer het om geslepe vrae te vra oor eenvoudinge verklarings uit die Skrif, is dit baie maklik om homoseksualiteit te aanvaar as ‘n Christelike norm, asook die verwerping van manlike en vroulike rolle in die huis en kerk, wat baie duidelik deur die Bybel geleer word. Hierdie is vreemde konsepte vir die hemelse koninkryk. Waarde is altyd deur verhoudings, nie posisie nie.

Ons kan kyk na vele onderrig uit die Bybel wat verdraai is om in te pas op die beginsels van mag, posisie en vertoning, maar

ek dink dat die punt baie duidelik gemaak is dat, as ons daarop roem om navolgers van Jesus te wees, ons daarna sal streef om die Skrif te interpreteer volgens die beginsels van Sy koninkryk eerder as die koninkryk uit wie ons almal kom.

## *16. Nie Langer ’n Dienaar*

Dit was een van daardie spesiale geleenthede. My sesjarige seun het saam met my gery. Ons het ‘n diep en betekenisvolle gesprek gehad – wel, so ver as die ervaring van my kosbare seun sou toelaat. Ek kon agterkom hoe die ratte van sy brein metodies begin draai. Ek het besef hy was op die punt om iets heel diepgaande kwyt te raak, en toe kom dit uit. “Pa weet, ek dink dit sal baie beter uitwerk as jy party dae die baas is, en ek vir party dae die baas is.” “Wel seun, dit is beslis ‘n baie interessante voorstel,” sê ek terwyl ek my keel skoonmaak. Daar was ‘n oomblik van stilte, omdat ek ‘n goeie rede gesoek het dat sy voorstel gebrekkig sou wees, en as ek nie een kon vind nie, mag ons dalk altwee opeindig met ‘n probleem. “Wel, dit is nie hoe die Bybel ons leer om dit te doen nie, seun.”

“Maar hoekom moet jy my heeltyd vertel wat ek moet doen?”

“Wel, seun, Jesus het my gevra om jou te leer hoe om ‘n sterk jong man vir Hom te wees, en omdat Hy my baas is, dink ek dis beter om te doen wat Hy my vra.”

Ouerskap is werklik ‘n leer kurwe. “Seun, sit as jy eet, asseblief.” “Aaagg, dis nie regverdig nie!”

“Liefie, tel asseblief jou speelgoed op en bêre dit.” “Ag ma, ek wil speel.”

“Seun, dit is tyd om te gaan slaap.” Dan volg die klaagliedere van Jeremia. “Maar jy gaan nie nou slaap nie. Hoekom moet ek dit doen?”

Al die reëls en regulasies! Jy sal dink ouers is altyd monsters. Hoekom kan kinders nie verstaan dat jy wil hê hulle moet stilsit aan tafel en stadig eet sodat hulle nie hulle spysverteringstelsel ontstel nie. Of dat jy wil hê hulle moet

leer om skoon en netjies te wees sodat hulle georganiseerd en meer doeltreffend kan funksioneer as hulle ouer word. En hoekom kinders dit nie verstaan dat hulle genoeg slaap moet inkry om siektes te voorkom nie? Hoekom – omdat hulle nie die slaggate en gevare van die lewe ken nie.

Die apostel Paulus illustreer ons reis in die christelike lewe met hierdie analogie.

> Maar ek sê: So lank as die erfgenaam ‘n kind is, verskil hy niks van ‘n dienskneg nie, al is hy heer van alles. Galasiërs 4:1

Paulus beskryf die verhouding van ‘n kind tot sy ouer as presies dieselfde as dié van ‘n dienskneg tot sy meester. Die vader moet sy seun opvoed in die beginsels van die hemelse koninkryk, maar die seun, met sy Duracell natuur, verstaan nie altyd die rede hiervoor nie. Baie van die lesse wat die vader hom gaan leer, is teenstrydig met sy natuur en is meeste van die tyd harde werk wat geensins anders blyk te wees as om ‘n dienskneg te wees nie. Die seun kan maklik dink, “Hoekom wil my pa my keer om meeste van die dinge wat ek van hou, te doen? Ek voel soos ‘n slaaf. ‘Seun, doen dit, Seun, doen dat.’ Dit voel nie regverdig nie!”

Hierdie is ‘n perfekte beskrywing van hoe God ons voorberei vir Sy koninkryk. Baie beskou dit wat God van ons verlang as moeilik en veeleisend en vra altyd, “Hoekom het God toegelaat dat dit met my gebeur, of hoekom blyk die Christen lewe so beperkend te wees?” Daar is ook baie mense wat by die kerk aansluit en tevrede is daarmee om kinders te bly en net diensknegte te wees, die pligte van die Christen lewe te verrig en hoop om beloon te word vir hulle pogings. Sulke mense loop die gevaar om oorweldig te word deur dieselfde gevoelens waarmee die oudste broer in die verhaal van die verlore seun geworstel het.

Paulus verduidelik hoe ons bevry kan word van die vele verwarrende gebeure van die lewe en ons vrae oor hoe God

met ons werk. Wanneer ons verstaan dat God werklik ons Vader is en ons innig liefhet en dat Hy ons voorberei om Sy koninkryk binne te gaan, dan begin ons verhouding met Hom sin maak. Die reëls en regulasies word nie langer gesien as beperkings en grense om ons pret te bederf nie; in plaas daarvan begin dit deure van vryheid word wat God se tedere agting en Sy hunkerende begeerte openbaar en kan ons daardeur Sy volle erfenis as kinders van God ontvang. Paulus verduidelik dit so:

> "So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus" Galasiërs 4:3-7

Hierdie is van die mooiste woorde in die Skrif. As ons die opoffering van Jesus aanvaar omdat Hy ons erfenis as kinders van God waarborg, word ons bevry van die slawerny van die koninkryk van Satan. Ons breek los van die tirannie van die Duracell en staan ons sterk en edel as seuns en dogters van God, wetende dat as gevolg van Jesus, ons altyd Sy geliefde kinders sal bly. Het Sy Gees in jou hart uitgeroep, "Abba Vader" – Pappa, Pappa? Voel jy so veilig in Sy liefde dat jy in Sy arms hardloop en weet dat jy nie alleen welkom is nie, maar dat dit ook Sy diepste verlange is? Het jy teruggekeer na die kinderlike bewondering van jou Vader wat uitstraal wanneer Hy naby is? Totdat jy hierdie vryheid ervaar, sal jy altyd 'n dienskneg bly wat in onsekerheid lewe dat jy more jou afdankingspakket gaan ontvang.

As God se kinders, is ons erfenis gewis. Ons kan met vrymoedigheid na Hom toe gaan met ons versoeke en

verseker wees dat Hy weet wat die beste is vir ons. Alles wat in hierdie lewe met ons gebeur is om ons te help groei in ‘n dieper verstaan van die waardes van God se koninkryk en om weg te breek van die slawerny van die Duracell.

In Hoofstuk 6 het ons die reuse taak bespreek wat God in die gesig gestaar het om die menseras terug te bring in Sy liefdevolle omhelsing. Hieronder weer die volgende:

1. ‘n Manier om die mens wysheid te gee om hulle desperate situasie korrek te verstaan, en hulle so te beïnvloed dat hulle vryheid van keuse nie ontneem word nie.
2. ‘n Manier om te wys dat Hy hulle werklik liefhet en dat hulle ‘n verkeerde begrip van Sy karakter en koninkryk het.
3. ‘n Manier om hulle skuld en onsekerheid te verwyder, en hulle ware identiteit en waarde te herstel as kinders van God.
4. ‘n Manier om die doel van hulle lewe terug te eis en die rede vir hulle bestaan of eindbestemming.
5. Bogenoemde sou tyd neem. Adam en Eva het hulle eie lewe verbeur, en het hulle nou ‘n lewe-ondersteuningstelsel nodig wat hulle tyd sou gee om te kies.
6. Terwyl Hy bogenoemde vir ons bewerk het, moes Hy ‘n sin van geregtigheid behou. Hy kon nie hulle rebellie ignoreer of goedkeur nie. Rebellie moes gestraf word. Hierdie straf is geskei van die gevolge van sonde. Om hulle uit Eden te verwyder, was nie ‘n straf vir sonde nie, dit was die gevolg van hulle keuse.

Die werk van Jesus deur Sy bediening, dood en opstanding, het die oplossing gebied vir al bogenoemde uitdagings. Wie verstaan die krag van die kruis van Christus? Dit strek veel

dieper as net die verwydering van ons verkeerde dade - veel dieper.

Wil jy nie nou kniel en kyk na die kruis en jou bevryding van die Duracell sien nie? Kan jy die stem uit die hemel hoor wat sê dat jy Sy geliefde kind is wie Hy vurig liefhet. Wil jy nie jou hart met al jou skuld, trots en bitterheid teenoor Hom uitstort nie? Laat toe dat die volheid van Sy vreugde jou siel oorvloei. As jy dit nog nie gedoen het nie, is dit nou die tyd. Die geheim om van die Duracell te ontsnap is om nie langer ‘n dienskneg te wees nie, maar ‘n seun of ‘n dogter.

## 17. *Die Val van Babilon*

Dit het soos weerlig getref. Duitse pantser divisies het oor die velde van Holland en Frankryk gejaag, en in een nag was hierdie lande in die ysige greep van die Nazi oorlogmasjien. Om in ‘n land te bly wat beset word, is ‘n vernietigende ervaring. My pa het deur so ‘n tyd geleef in sy dorp, Assen, in die noorde van Holland.

Die mans was geforseer om in die diens van die Duitse oorlogsmasjien te staan. Informante was maar te gewillig om hulle te rapporteer aan die gevreesde veiligheidspolisie, en gedurende enige tyd van die dag kon hulle ‘n klop aan die deur verwag en aanskou hoe geliefdes weggedra word, sonder om hulle ooit weer te sien. Die Nazi regime het al die kenmerke van die Duracell, ‘n beherende gees wat alle teestanders sal elimineer, wat regeer deur vrees en sy mag vertoon deur demoniese satisfaksie.

Van hulle hulpbronne gestroop en uitgeput en verweerd deur die kettings van onderdrukking, was Holland onvoorbereid vir die winter van 1944. Mense kon nie hulle huise verlaat uit vrees dat wanneer hulle terugkom, dit nie meer daar sou wees nie, gestroop vir vuurhout. Duisende het omgekom weens honger en koue. Hoe lank sou die nagmerrie nog aanhou?

Uiteindelik het die Duitse magte teruggetrek, brûe opgeblaas, ammunisie vernietig, en met soveel verwoesting as moontlik. My pa onthou hoedat almal in die strate gedans het en die geallieerde magte voedsel pakkies uitgedeel het. Dit was amper te goed om waar te wees – vryheid ten einde laaste.

Die gees van Kain leef nog steeds voort, en in die boek van Openbaring wys dit dat net voor die koms van Jesus, hierdie beherende, onsekere, jaloerse en waardelose gees nog een vertoon van mag gaan openbaar voor sy verdelging. Johannes

beskryf dit as die dier met sewe koppe en tien horings wat uit die see voortkom.

> En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering. Openbaring 13:1

Groot mag en outoriteit word aan hierdie dier gegee en al die nasies van die aarde en die hele wêreld aanbid en onderwerp homself aan die mag van die dier.[44] Hierdie dierlike mag staan teenoor ons verhouding met die God wat die hemel en aarde geskape het. Dit poog om aanbidding na homself te trek.

Die rede hoekom hierdie dier die wêreld so maklik kan oortuig om hom te volg, is omdat dit werk op die beginsel van die Duracell battery. Dit praat die taal wat ons almal verstaan. Dit moedig ons aan om ons identiteit te soek in wat ons bereik en doen, en dit moedig ons aan om God op ons eie terme te ontmoet, om ons eie bloedlose offers te bring en verwag dat God ons aanbidding sal aanvaar. Wat die grootste deel van die mensdom nie besef nie, is dat hulle reeds onder die mag van hierdie dier is. As die wêreld die beginsels van vryheid verwerp en terugkeer na wêreldbeheer deur vrees en dwang, sal dit bloot ‘n uiterlike manifestasie wees van wat diep in die hart van elkeen van ons skuil.

God sit nie ledig terug en doen niks hieromtrent nie. Hy stuur ‘n finale desperate boodskap na die wêreld om nie oor te gee aan die mag van die dier nie. Dit kom in die vorm van drie boodskappe. Die eerste boodskap roep die menseras terug na die aanbidding van die God wat hemel en aarde geskape het. Dit verwys na die opoffering van Jesus en herinner ons dat Kain se offerande nooit deur God aanvaar kan word nie. Ons

[44] Openbaring 13:2,7

kan nie guns by God verdien nie; ons verlossing was vir ons gekoop deur die bloed van die Lam.[45]

God herinner ons aan ‘n belangrike waarheid. Hy stel dit in die volgende woorde:

> En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. Openbaring 14:8

Hoekom gebruik God die term Babilon? As ons deur die Bybel lees, vind ons dit was Nimrod wat die stad van Babel gebou het. Nimrod was ‘n baie interessante karakter. Die Bybel vertel ons, "En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sinear".[46] Nimrod is die eerste persoon wat opgeteken is, wat sy eie koninkryk opgerig het. Dit is ook interessant om te weet dat Nimrod op een of ander stadium met sy moeder getroud was – inderdaad ‘n wanfunksionele familie! Daar word ook voorgestel dat Nimrod sy pa sou doodmaak om met sy ma te trou. Hoe dit ookal sy, Nimrod se huis was nie gegrond op die beginsels van die koninkryk van God waar familieverhoudings heilig was nie.

Nimrod se gebrek aan liefde en geborgenheid in sy huislike lewe was so groot, dat hy gewerk het om sy bekendheid te verwerf deur wat hy gedoen het, eerder as aan wie hy behoort het. In Genesis hoofstuk tien, lys die Bybel die geslagsregisters van die menseras. Elke man is geïdentifiseer deur wie sy vader was. Hulle identiteit was bepaal deur hulle familieverhoudings. Dit is hoe die koninkryk van God werk. In teenstelling hiermee het Nimrod bekend geword as ‘n geweldige jagter en ‘n magtige regeerder.

[45] Openbaring 13:2,7
[46] Genesis 10:10

> Hy was 'n geweldige jagter voor[47] die aangesig van die Here. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sinear. Uit hierdie land het hy getrek na Assur en gebou: Nineve en Rehobot-Ir en Kalag en Resen, tussen Nineve en Kalag – dit is die groot stad. Genesis 10:9-12.

Gedryf deur sy onsekerheid oor sy identiteit, het Nimrod homself probeer bewys deur dit wat hy vermag. Hy het toe begin om stede te bou en weermagte tot stand te bring om die omliggende familie-stamme te oorwin. 'n Skerpsinnige historikus het die volgende aangeteken:

Die outoriteit van vorige regeerders het gerus op die beskouing van verwantskap, en die gesag van die hoof was die beeld van ouerlike beheer. In teenstelling was Nimrod soewerein op grondgebied, en die mense was net die inwoners, ongeag van hulle persoonlike bande. Tot nou toe was daar uitgebreide stamme – families – gemeenskappe; nou was daar 'n nasie, 'n politiese gemeenskap – die staat.[48]

Bykans die hele wêreld volg vandag nog in Nimrod se voetspore. Vandag is regerings polities en territoriaal gerig, nie stamgerig en nomadies nie.

Dit is interessant om die stappe wat Nimrod gevolg het, te ondersoek en te sien hoe hy hierdie politieke staatsgebaseerde stelsel gebou het. God het hierdie stelsel vernoem na die eerste stad wat hy gebou het, genoem Babilon. Let op hoe die gees van Babilon ontwikkel in die hart van die mens:

1. Dit begin met kinders wat vervreemd raak van hulle vaders.

[47] Die woord *voor* kan ook gelees word as *teen*
[48] AT Jones, *Empires of the Bible, (*Review and Herald Publishing, 1904) p 51

2. Dan, as gevolg van onsekerheid, soek hulle voortdurend aanvaarding.
3. Hierdie drang na aanvaarding dryf hierdie tipe mense gewoonlik tot desperate maatreëls as ‘n teenwig vir hulle leegheid en waardeloosheid.

Hierdie drang na aanvaarding is die geheime bestanddeel wat die wyn van Babilon so verslawend maak. Hoeveel van ons was nog nie geteister deur die gevoelens van waardeloosheid of vasberadenheid om aan ander te bewys dat dit binne ons vermoë is om die boonste sport van die leer te bereik. Hoeveel van ons het gevoel dat ons pogings om God te behaag ‘n totale mislukking was, en daar geen rede is om eens meer te probeer nie. Hoeveel van ons was vasgevang in ‘n magstryd by die werk, skool of kerk en het kwaai of snydende woorde gehoor of gesê as ‘n manier om jouself te verdedig of in ‘n poging om ons eie klein koninkryk te vergroot? Drink die hele wêreld nie van hierdie beker nie? As ons so optree, is ons dan nie slawe van Babilon nie?

Wat beteken die val van Babilon dan? Die vers, “Geval, geval het Babilon,” kom direk van Jeremia 51:8 en vind sy konteks in Jeremia 50 en 51.

In Jeremia 50 beskryf God sy kinders as verlore skape wat verdwaal en hulle rusplek vergeet het. God se kinders word letterlik deur Babilon gevange gehou, en baie van hulle het hulle ware huis en rusplek vergeet.

Maar God het nie Sy kinders vergeet nie; Hy maak verder die volgende pragtige belofte:

> So sê die Here van die leerskare: Die kinders van Israel en die kinders van Juda is saam verdruk; en almal wat hulle as gevangenes weggevoer het, hou hulle vas, weier om hulle te laat trek. Maar hulle Verlosser is sterk, Here van die leerskare is Sy Naam; Hy sal hulle saak sekerlik verdedig, om die

> aarde rus te gee en die inwoners van Babel in onrus te bring. Jeremia 50:33,34

Dan lees ons in hoofstuk 51 die volgende:

> Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe; kom nie om in sy ongeregtigheid nie; want dit is die tyd van wraak vir die Here; Hy gee hom sy verdiende loon. Babel was in die hand van die Here 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword. Skielik het Babel geval en is verbreek. Huil oor hom; gaan haal balsem vir sy pyn! Miskien sal hy gesond word. Ons het aan Babel medisyne gegee, maar hy het nie gesond geword nie; verlaat hom en laat ons trek, elkeen na sy land; want sy strafgerig raak tot aan die hemel en verhef hom tot by die wolke. Jeremia 51:6-9

In die konteks van hierdie hoofstuk, word die kinders van God gevange gehou deur Babilon. Hulle is mislei, maar God gaan hulle bevry, nie omdat hulle waardig is nie, maar omdat hulle Sy kinders is.

Terwyl die term "Geval het Babilon," 'n uitspraak van oordeel en veroordeling is, is dit tergelykertyd ook 'n belofte van vryheid aan Israel, want Babilon het Israel gevange gehou.

Die val van Babilon soos vervat in die Tweede-engel se boodskap bevry geestelike Israel van onsekerheid, waardeloosheid en 'n beherende gees wat ons noodsaak om te sondig. Wanneer ons besef dat ons aanvaar is in die Geliefde, dat ons werklik God se kinders is deur die offer van Jesus, word al ons onsekerheid en waardeloosheid weggevee, en staan ons vry as kinders van God.

Die Drie-Engele Boodskap word ook die Elia-boodskap genoem, en is dit nie toevallig dat die finale deel van die boodskap in Maleagi 4:6 sê dat God die hart van die vaders

sal terugkeer na die kinders en die kinders na die vaders. Met ander woorde, die krag van die boodskap sal vrygelaat word wanneer ons waarlik glo dat ons kinders van God is, nie deur enigiets wat ons gedoen het nie, maar alleenlik deur wat Jesus alles vir ons gedoen het.

Versaak Babilon en haar Duracell beginsels. Moenie langer ‘n dienskneg wees nie, roep “Abba, Vader,” en weet dat jy Sy geliefde kind is. Deur Christus word ons bevry.

Identiteitsoorlog is ‘n pad na selfontdekking. Dit is ‘n uitnodiging om jou waardesisteem slegs vanuit ‘n verhoudings konteks te ontdek.

Ons lewens word gebombardeer met ‘n konstante gedreun van boodskappe wat ons vertel dat ons sukses slegs kom deur aan onsself en aan die wêreld te bewys dat ons het wat vereis word, dat ons oor die regte stoffasie beskik. Dit is ‘n sisteem wat ons leer dat ons alleenlik waardevol en belangrik is as ons presteer volgens ‘n sekere standaard. Die resultate van hierdie sisteem is beskikbaar en die getuienis is nie goeie nuus nie. Miljoene mense is depressief en honderde mense per dag eindig hulle lewens in wanhoop.

Ek nooi jou uit om van die ware karakter van hierdie oorlog waarin ons is, te leer – ‘n identiteitsoorlog wat ons waarde en betekenis bepaal. Die prys is hoog want dit beteken vir ons lewe of dood. Die boek bevat die pad wat ek geloop het en die beginsels geleer langs hierdie weg. Vryheid is ‘n relatiewe beginsel, maar hierdie boek bevat my pad na vryheid.

*Adrian Ebens*
vadervanliefde.com